

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Wednesday 2 January 1974

WINDHOEK

Woensdag 2 Januarie 1974

No. 3374

## CONTENTS

## INHOUD

### PROCLAMATIONS:

No. 36 Village management board of Witvlei ... ..

### GOVERNMENT NOTICES:

No. 270 Road Traffic Ordinance 1967 (Ordinance 30 of 1967) ... ..

No. 271 Amendment of the Regulations regarding the classification of and the fees to be paid by patients at State Hospitals ... ..

No. 272 Amendment of Water supply regulations ... ..

No. 273 Road traffic Ordinance 1967, (Ordinance 30 of 1967) Extension of period of Validity : Licences Section 59(A) (1) (a) ... ..

No. 274 Amendment of Electricity supply regulations

No. 275 Amendment of water supply regulations ... ..

No. 276 Amendment of Electricity supply regulations

No. 277 Municipality of Omaruru : Amendment of Staff regulations ... ..

No. 278 Municipality of Mariental : Cemetary Regulations ... ..

No. 279 Municipality of Keetmanshoop : Water supply regulations ... ..

No. 280 Municipality of Walvis Bay : Town Hall regulations ... ..

No. R2311 (Republic) South African Railways : Harbour Section ... ..

No. R2319 (Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/245)

No. R2345 (Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/246)

No. R2346 (Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/247)

### PROKLAMASIES:

Dorpsbestuur van Witvlei ... .. 1301

### GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) ... .. 1301

Wysiging van die Regulasies betreffende die indeling van en die gelde wat betaal moet word deur pasiënte by Staatshospitale ... .. 1301

Wysiging van Waterleweringsregulasies ... .. 1302

Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) Verlenging van termyn van geldigheidsduur : Voertuigbestuurderslisensies : Artikel 59 (A) (1) (a) ... .. 1302

Wysiging van regulasies op Elektrisiteitsverskaffing ... .. 1302

Wysiging van Waterleweringsregulasies ... .. 1303

Wysiging van regulasies op Elektrisiteitsverskaffing ... .. 1304

Munisipaliteit Omaruru : Wysiging van Personeelregulasies ... .. 1304

Munisipaliteit Mariental : Begrafploasregulasies ... .. 1305

Munisipaliteit Keetmanshoop : Watervoorsieningsregulasie ... .. 1317

Munisipaliteit Walvisbaai : Stadsaalregulasies ... .. 1337

(Republiek) Suid-Afrikaanse Spoorweë : Afdeling Hawens ... .. 1344

(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/245) ... .. 1345

(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/246) ... .. 1345

(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/247) ... .. 1346

No. R2347	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/248)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/248) ...	1347
No. R2348	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/362)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/362) ... ..	1347
No. R2349	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/363)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/363) ... ..	1348
No. R2350	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/364)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/364) ... ..	1348
No. R2363	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Rules (No. DAR/2) ... ..	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Reëls (No. DAR/2) ... ..	1349
No. R2373	(Republic) Regulations regarding the purchase, Acquisition, keeping or use of Potentially Harmful Drugs by Midwives ... ..	(Republiek) Regulasies betreffende die koop, verkryging, aanhou of gebruik van moontlike nadelige Medisyne deur Vroedvroue ... ..	1350
No. R2183	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Rules (No. DAR/1) ... ..	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Reëls (No. DAR/1) ... ..	1351
No. R2424	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/249)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/249) ...	1351
No. R2425	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/250)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/250) ...	1352
No. R2426	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 2 (No. 2/93) ...	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 2 (No. 2/93) ... ..	1352
No. R2427	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/365)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/365) ...	1353
No. R2428	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/134)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/134) ...	1354
No. R2429	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/135)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/135) ...	1354
No. R2430	(Republic) Customs and Excise Act, 1964 : Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/251)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964 : Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/251) ...	1355
No. R2431	(Republic) The South African Pharmacy Board : Rules regarding the Registration of additional Qualifications ... ..	(Republiek) Die Suid-Afrikaanse Aptekers- kommissie : Reëls betreffende die registrasie van addisionele kwalifikasies ... ..	1356

GENERAL NOTICES:

No.	64	Permanent closing of Baine's Square and Lin- king Streets ... ..
No.	841	(Republic) Military training and Exercises : Walvis Bay ... ..
No.	872	(Republic) Summary of monthly returns by Permanent Building Societies for the month ended 31st October, 1973 ... ..

ADVERTISEMENTS:

ALGEMENE KENNISGEWINGS :

Permanente sluiting van Bainesplain en Ver- bindingstrate ... ..	1356
(Republiek) Militêre opleiding en Oefeninge : Walvisbaai ... ..	1357
(Republiek) Samevatting van maandelikse op- gawes deur Permanente Bouverenigings vir die maand geëindig 31 Oktober 1973 ... ..	1358

ADVERTENSIES:

1359

**PROCLAMATION****PROKLAMASIE**

BY THE HONOURABLE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

DEUR SY EDELE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 36 of 1973.]

No. 36 van 1973.]

**VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF WITVLEI.****DORPSBESTUUR VAN WITVLEI.**

The Executive Committee has determined under and by virtue of the provisions of section 16 of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 (Ordinance 13 of 1967) that the provisions of section 1 to 15 inclusive of the said Ordinance shall be applicable as from 1 January 1974 to the Village Management Board Area of Witvlei, a village management board area such as is referred to in section 3 of the Village Management Boards Ordinance 1963 (Ordinance 14 of 1963).

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 16 van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 (Ordonnansie 13 van 1967) bepaal dat die bepalings van artikel 1 tot en met 15 van genoemde Ordonnansie vanaf 1 Januarie 1974 toegepas word op die Dorpsbestuursgebied van Witvlei, 'n Dorpsbestuursgebied soos bedoel in artikel 3 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963).

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 28th day of March 1973.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 28ste dag van Maart 1973.

B. J. VAN DER WALT,  
*ADMINISTRATOR.*

B. J. VAN DER WALT,  
*ADMINISTRATEUR.*

**Government Notice****Goewermentskennisgewing**

The following Government Notices are published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Secretary for South West Africa.*

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 270] [2 January 1974

No. 270] [2 Januarie 1974

ROAD TRAFFIC ORDINANCE, 1967 (ORDINANCE 30 OF 1967).

ORDONNANSIE OP PADVERKEER 1967 (ORDONNANSIE 30 VAN 1967)

REPEAL OF GOVERNMENT NOTICE 15 OF 15 JANUARY, 1972. EXEMPTIONS IN RESPECT OF SECTIONS 115 AND 116.

HERROEPING VAN GOEWERMENTS-KENNISGEWING 15 VAN 15 JANUARIE 1972. VRYSTELLINGS TEN OPSIGTE VAN ARTIKELS 115 EN 116.

The Executive Committee herewith repeals Government Notice 15 of 15 January 1972.

Die Uitvoerende Komitee herroep hiermee Goewermentskennisgewing 15 van 15 Januarie 1972.

No. 271] [2 January 1974

No. 271] [2 Januarie 1974

AMENDMENT OF THE REGULATIONS REGARDING THE CLASSIFICATION OF AND THE FEES TO BE PAID BY PATIENTS AT STATE HOSPITALS.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE INDELING VAN EN DIE GELDE WAT BETAAL MOET WORD DEUR PASIËNTE BY STAATSHOSPITALE.

The Executive Committee has under and by virtue of the

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die

provisions of section 41 of the Hospitals Ordinance, 1972 (Ordinance 14 of 1972) amended the regulations promulgated under Government Notice 215 of 1 November 1973 by repealing regulation 14.

bepalings van artikel 41 van die Ordonnansie op Hospitale, 1972 (Ordonnansie 14 van 1972) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 215 van 1 November 1973, gewysig, deur regulasie 14 te herroep.

No. 272]

[2 January 1974

**MUNICIPALITY OF GOBABIS:  
AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated under Government Notice 17 of 1958, as amended by Government Notices 182 of 1958, 28, 42, 84 of 1960, 151 and 184 of 1963, 120 of 1964, 239 of 1966, 158 of 1967, 40 of 1970 and 68 of 1971.

No. 272]

[2 Januarie 1974

**MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS:  
WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepaling van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 17 van 1958 en gewysig by Goewermentskennisgewings 182 van 1958, 28, 42 en 84 van 1960, 151 en 184 van 1963, 120 van 1964, 239 van 1966, 158 van 1967, 40 van 1970 en 68 van 1971.

Substitute the following for tariff 1 of Schedule B:

Vervang tarief 1 van Bylae B deur die volgende:

1. (a) Monthly for the first 13 cubic metres of water R3,70 and thereafter 16,5 cent per every additional cubic metre or part thereof up to 91 cubic metres, with a minimum charge of R3,70 per month.

1. (a) Maandeliks vir die eerste 13 kubieke meter water R3,70 en vir elke bykomende kubieke meter water of deel daarvan 16,5 sent tot by 91 kubieke meter water, met 'n minimum heffing van R3,70 per maand.

(b) From 92 cubic metres up to 136 cubic metres — 22 cent per cubic metre.

(b) Vanaf 92 kubieke meter tot en met 136 kubieke meter teen 22 sent per kubieke meter.

(c) From 137 cubic metres up to 181 cubic metres — 28 cent per cubic metre.

(c) Vanaf 137 kubieke meter tot en met 181 kubieke meter teen 28 sent per kubieke meter.

(d) Above 181 cubic metres — 33 cent per cubic metre.

(d) Bokant 181 kubieke meter — 33 sent per kubieke meter.

No. 273]

[2 January 1974

**ROAD TRAFFIC ORDINANCE 1967 (ORDINANCE 30 OF 1967): EXTENSION OF PERIOD OF VALIDITY: DRIVER'S LICENCES: SECTION 59A(1)(a).**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 59A(1)(a) of the Road Traffic Ordinance (Ordinance 30 of 1967) fixed 1 February 1976 as the second date.

No. 273]

[2 Januarie 1974

**ORDONNANSIE OP PADVERKEER 1967 (ORDONNANSIE 30 VAN 1967): VERLENGING VAN TERMYN VAN GELDIGHEIDSDUUR: VOERTUIGBESTUURDERSLISENSIES: ARTIKEL 59A(1)(a).**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepaling van artikel 59A(1)(a) van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) 1 Februarie 1976 vasgestel as die tweede datum.

No. 274]

[2 January 1974

**MUNICIPALITY OF WALVIS BAY:  
AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated by Government Notice 109 of 1957, applied to the Municipality of Walvis Bay by Government Notice 192 of 1957 and amended by Government Notices 279 of 1957, 205 of 1959, 167 and 237 of 1960, 195 of 1961, 121 and 122 of 1963, 95 and 213 of 1964, 88 of 1967, 117 and 190 of 1972:

No. 274]

[2 Januarie 1974

**MUNISIPALITEIT VAN WALVISBAAI:  
WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEKTRISITEITSVERSKAFFING.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepaling van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 1957 op die Munisipaliteit van Walvisbaai van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 192 van 1957 en gewysig by Goewermentskennisgewings 279 van 1957, 205 van 1959, 167 en 237 van 1960, 195 van 1961, 121 en 122 van 1963, 95 en 213 van 1964, 88 van 1967, 117 en 190 van 1972:

## 1. Substitute the following for regulation 60(a):

"60(a) The meters will be read, as far as possible, at intervals of one month: Provided that the supply authority may have the meters read at intervals longer than one month and in the months in which the meters are not read, an account may be rendered which is based on consumption related to a consumer's average consumption at the installation concerned."

## 2. Substitute the following for paragraph A.2 of Appendix D:

## "2. Definition:

A "month" for the purpose of these tariffs, means a period of approximately 30 days corresponding to -

- (a) the period between two consecutive meter readings where meters are read monthly; or
- (b) the period between the rendering of two consecutive accounts where meters are read at an interval longer than one month."

## 1. Vervang regulasie 60(a) deur die volgende:-

"60(a) Die meters word so ver moontlik met tussenpose van een maand afgelees: Met dien verstande dat die leweringsoowerheid die meters met tussenpose van langer as een maand kan laat aflees en in die maande waarin die meters nie afgelees word nie, 'n rekening kan lewer wat gegrond is op 'n verbruik wat verband hou met 'n verbruiker se gemiddelde verbruik by die betrokke inrigting."

## 2. Vervang paragraaf A.2 van Byvoegsel deur die volgende:

## "2. Woordomskeywing:

'n "Maand" by die toepassing van hierdie tariewe beteken 'n tydperk van ongeveer 30 dae wat ooreenstem met -

- (a) die tydperk tussen twee agtereenvolgende meterlesings waar meters maandeliks afgelees word, of
- (b) die tydperk tussen die lewering van twee agtereenvolgende rekenings waar meters met 'n tussenpose van langer as een maand afgelees word."

No. 275]

[2 January 1974

MUNICIPALITY OF WALVIS BAY:  
AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated by Government Notice 141 of 1970 as amended by Government Notice 32 of 1973:

## 1. Insert the following paragraph after regulation 9(3):-

"(4) The meters will be read, as far as possible, at intervals of one month: Provided that the Council may have the meters read at intervals longer than one month and in the months in which the meters are not read, an account may be rendered which is based on consumption related to a consumer's average consumption at the installation concerned."

## 2. Number the introductory paragraph of Schedule "B" (a) and insert the following paragraph at the end thereof:

## "(b) Definition:

A "month" for the purpose of these tariffs means a period of approximately 30 days corresponding to -

- (a) the period between two consecutive meter readings where meters are read monthly; or
- (b) the period between the rendering of two consecutive accounts where meters are read at an interval longer than one month."

No. 275]

[2 Januarie 1974

MUNISIPALITEIT VAN WALVISBAAI:  
WYSIGING VAN WATERLEWERINGS REGULASIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 141 van 1970 soos gewysig by Goewermentskennisgewing 32 van 1973:

## 1. Voeg die volgende paragraaf in na regulasie 9(3):-

"(4) Die meters word so ver moontlik met tussenpose van een maand afgelees: Met dien verstande dat die Raad die meters met tussenpose van langer as een maand kan laat aflees en in die maande waarin die meters nie afgelees word nie, 'n rekening kan lewer wat gegrond is op 'n verbruik wat verband hou met 'n verbruiker se gemiddelde verbruik by die betrokke inrigting."

## 2. Nommer die inleidende paragraaf van Bylaag B as (a) en voeg die volgende paragraaf aan die einde daarvan in:

## "(b) Woordomskeywing:

'n "maand" by die toepassing van hierdie tariewe beteken 'n tydperk van ongeveer 30 dae wat ooreenstem met -

- (a) die tydperk tussen twee agtereenvolgende meterlesings waar meters maandeliks afgelees word; of
- (b) die tydperk tussen die lewering van twee agtereenvolgende rekenings waar meters met 'n tussenpose van langer as een maand afgelees word."

No. 276]

[2 January 1974

MUNICIPALITY OF WINDHOEK:  
AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY  
REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963), approved the following amendment of the regulations promulgated under Government Notice 51 of 1958, as amended by Government Notices 97 and 158 of 1959, 29 of 1960, 166 of 1964, 79 of 1966 and 144 of 1973.

Substitute the following for paragraph 5(f)(i) of Appendix F:

“(1) Temporary connections or disconnections:

- |   |        |
|---|--------|
| (aa) For connection on entering into agreement of supply with the Council   | Nil    |
| (bb) For disconnection on termination of such agreement with the Council  | Nil    |
| (cc) For temporary disconnection required by consumers  | R1,00  |
| (dd) For reconnection following disconnection as described in (cc)  | Nil    |
| (ee) For reconnection following disconnection for non-payment of accounts or for breach of contract   |        |
| 1. When the electrical supply has been discontinued at the circuit breaker  | R4,00  |
| 2. When the electrical supply has been discontinued by the removal of the pole fuse or by the disconnection of the service cable  | R9,00  |
| (ff) Removal and/or replacement of the pole fuse or the connection and/or disconnection of a service cable at the request of the owner under circumstances which do not fall under (ee) above | R9,00” |

No. 277]

[2 January 1974

MUNICIPALITY OF OMARURU:  
AMENDMENT OF STAFF REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 244 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated under Government Notice 119 of 1969 as applied to the Municipality of Omaruru by Government Notice 26 of 1970 as amended by Government Notice 92 of 1971.

Substitute the following for regulation 34:

“34. VACATION BONUS:

- (1) The Council May annually on a date determined by resolution of the Council, make payment to such

No. 276]

[2 Januarie 1974

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK:  
WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEK-  
TRISITEITSVERSKAFFING.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 51 van 1958 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 97 en 158 van 1959, 29 van 1960, 166 van 1964, 79 van 1966 en 144 van 1973.

Vervang paragraaf 5(f)(i) van Bylae F deur die volgende:-

“(1) Tydelike aansluitings of afsluitings:

- |  |        |
|--|--------|
| (aa) Vir aansluiting wanneer ooreenkoms vir toevoer met die Raad gesluit word  | Nul    |
| (bb) Vir afsluiting wanneer ooreenkoms met die Raad beëindig word  | Nul    |
| (cc) Vir tydelike afsluiting deur die verbruiker verlang   | R1,00  |
| (dd) Vir heraansluiting na afsluiting soos in (cc) beskryf   | Nul    |
| (ee) Vir heraansluiting na afsluiting weens wanbetaling van rekening of weens kontrakbreuk:  |        |
| 1. waar die elektriese toevoer by die stroomonderbreker afgesluit word   | R4,00  |
| 2. waar die elektriese toevoer afgesluit was deur verwydering van die paalsekering of ontkoppeling van die dienskabel  | R9,00  |
| (ff) Verwydering en/of terugplasing van die paalsekering of die koppeling en/of ontkoppeling van 'n dienskabel op versoek van die eienaar in gevalle wat nie onder (ee) hierbo resorteer nie | R9,00” |

No. 277]

[2 Januarie 1974

MUNISIPALITEIT VAN OMARURU:  
WYSIGING VAN PERSONEELREGULASIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 244 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 119 van 1969 soos van toepassing gemaak op die Munisipaliteit van Omaruru by Goewermentskennisgewing 26 van 1970 soos gewysig by Goewermentskennisgewing 92 van 1971.

Vervang regulasie 34 deur die volgende:

“34. VAKANSIEBONUS:

- (1) Die Raad kan jaarliks op 'n datum wat by raadsbesluit bepaal word aan werknemers wat minstens een jaar

employees who have completed at least one year continuous service, a vacation bonus which amounts to five (5) percent of the annual pensionable salary of such employees.

- (2) A *pro rata* portion of the vacation bonus shall be paid to employees who have not completed at least one year continuous service on the date mentioned in paragraph (1) or who leave the service on reaching the retiring age before the said date, according to the following formula: Provided that such employees must have completed at least six months continuous service on the date of payment:

$\frac{A}{365} \times \frac{B}{1} = \textit{pro rata}$  portion payable, where A represents the number of days completed in the service; and where B represents the amount of the vacation bonus payable to the employee according to paragraph (1) in case he has completed at least one year continuous service."

No. 278]

[2 January 1974

MUNICIPALITY OF MARIENTAL:  
CEMETERY REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following regulations:

PART I - GENERAL.

*Definitions:*

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates

"ashes" shall mean any remain of a human body after cremation in a crematorium;

"cemetery" shall mean any piece of land duly set apart by the Council as a public cemetery for the exclusive interment of human remains;

"white" shall mean any person who, according to appearance, is clearly a white and who does not usually pass as a non-white or any person who usually passes as a white and is not according to appearance clearly not a white;

"owner" as applied to any grave space shall mean the person who, by purchase, has acquired the exclusive right of burial in such grave space;

"grave" shall mean any excavation in a cemetery for the burial of human remains;

"grave space" shall mean any portion of land in a cemetery which has been measured out for a single grave;

"memorial work" shall mean any tombstone, monument, cress, inscription, railing, chain, enclosure kerb stone or other structure of any nature whatsoever or a part thereof

aaneenlopende diens voltooi het, 'n vakansiebonus betaal wat vyf (5) persent van die jaarlikse pensioendraende salaris van sodanige werknemers bedra.

- (2) Aan werknemers wat op die datum in paragraaf (1) genoem nie minstens een jaar aaneenlopende diens voltooi het nie of wat voor die genoemde datum uit die diens tree by bereiking van die aftree-ouderdom, word 'n *pro rata* gedeelte van die vakansiebonus betaal wat ooreenkomstig die volgende formule bereken word: Met dien verstande dat sodanige werknemers oor minstens ses maande aaneenlopende diens op die datum van uitbetaling moet beskik:

$\frac{A}{365} \times \frac{B}{1} = \textit{pro rata}$  gedeelte betaalbaar, waar A die getal dae in die diens voltooi, voorstel; en waar B die bedrag van die vakansiebonus betaalbaar aan die werknemer ooreenkomstig paragraaf (1) voorstel indien hy minstens een jaar aaneenlopende diens voltooi gehad het."

No. 278]

[2 Januarie 1974

MUNISIPALITEIT VAN MARIENTAL:  
BEGRAAFPLAASREGULASIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende regulasies goedgekeur.

DEEL I - ALGEMEEN

*Woordbepalings:*

1. In hierdie regulasies, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken -

"asse" enige menslike oorskot na verassing in 'n krematorium;

"begraafplaas" enige stuk grond wat die Raad behoorlik afgesonder het as 'n openbare begraafplaas vir die uitsluitlike begrawing van menslike oorskot;

"blanke" iemand wat volgens voorkoms klaarblyklik 'n blanke is en nie gewoonlik vir 'n nie-blanke deurgaans nie; of gewoonlik vir 'n blanke deurgaans en nie volgens voorkoms klaarblyklik nie 'n blanke is nie;

"eienaar" met betrekking tot grafuimtes, die persoon wat by wyse van aankoop die uitsluitlike reg op begrawing in sodanige grafuimte verkry het;

"graf" enige uitgraving in 'n begraafplaas vir die begrawing van menslike oorskot;

"grafuimte" enige stuk grond in 'n begraafplaas wat vir die doeleindes van 'n enkele graf uitgemeet is;

"grafwerk" enige grafsteen, monument, kruis, opskrif, reling, omsluiting, ketting, randsteen of oprigting van watter aard ookal of 'n gedeelte daarvan wat op of om 'n

erected upon or around any grave space;

“identification tablet” shall mean a small concrete or metal plate at the head or foot of the grave space bearing the number of such grave space;

“child” shall mean any person who has not reached his 12th birthday;

“body” shall mean any human remains, including the remains of any still-born child;

“medical officer of health” shall mean the person from time to time holding appointment as such or acting in such capacity for the Council;

“non-white” shall mean a person who is not a white;

“Council” shall mean the Council of the Municipality of Mariental;

“Registrar” shall mean the registrar of births, marriages and deaths;

“Town Clerk” shall mean the person from time to time holding appointment as such or his authorised deputy or assistant;

“Superintendent” shall mean the person from time to time holding the position of superintendent of parks or cemeteries, sexton, caretaker or gardener with the Council and the words “sexton”, “caretaker” and “gardener” shall have a congruent meaning;

“adult” shall mean any person who has reached his 12th birthday;

#### *Disposal of Bodies:*

2. No person may dispose of a body except for the purpose of burying the body or cremating the body in a crematorium.

#### *Permission to bury:*

3. (1) Permission to bury a body or ashes shall not be given unless -
  - (a) a burial order as well as a notice of burial, as prescribed in Schedule B, is submitted; and
  - (b) in the case of ashes, a certified copy of an extract from the cremation register is submitted together with the burial order and notice of burial.

#### *Hours of admission:*

4. The hours of admission to a cemetery are from 06H30 to 19H00: Provided that the Council may close to the public the cemetery or a portion of the cemetery for such time as it deems fit.

grafruimte aangebring is;

“identifikasieplaat” ’n klein betonblok of metaalplaat aan die bo- of onderent van ’n grafuimte wat die nommer van sodanige grafuimte aandui;

“kind” iemand wat nog nie die ouderdom van twaalf jaar bereik het nie;

“lyk” enige menslike oorskot insluitende die oorskot van ’n doodgebore kind;

“mediese gesondheidsbeampte” die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van mediese gesondheidsbeampte by die Raad beklee of in daardie hoedanigheid vir die Raad optree;

“nie-blanke” iemand wat nie ’n blanke is nie;

“Raad” die Raad van die Munisipaliteit van Mariental;

“registrateur” die registrateur van geboortes, huwelike en sterfgevälle

“stadsklerk” die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van stadsklerk by die Raad beklee of sy gemagtigde plaasvervanger of assistent;

“superintendent” die persoon wat van tyd tot tyd die betrekkings van superintendent van parke of begraafplase, koster, oppasser of tuinier by die Raad beklee en het die woorde “koster”, “oppasser” en “tuinier” ’n ooreenstemmende betekenis;

“volwassene” iemand wat die ouderdom van twaalf jaar bereik het.

#### *Beskikking oor lyke:*

2. Niemand mag op enige ander wyse as vir die begraving daarvan of die verassing daarvan in ’n krematorium, oor ’n lyk beskik nie.

#### *Toestemming tot begraving:*

3. (1) Toestemming tot begraving van ’n lyk of asse word nie verleen nie, tensy -
  - (a) ’n begrafnisorder sowel as ’n kennisgewing van teraardebestelling, soos voorgeskryf in Bylae B hiervan, voorgelê word; en
  - (b) in die geval van asse, ’n gesertifiseerde afskrif van ’n uittreksel uit die verassingsregister saam met die begrafnisorder en kennisgewing van teraardebestelling voorgelê word.

#### *Ure van toegang:*

4. Die ure van toegang tot ’n begraafplaas is vanaf 06H30 tot 19H00: Met dien verstande dat die Raad die begraafplaas of deel daarvan vir sodanige tye soos hy goed vind vir die publiek kan sluit.



*Children:*

5. No child may enter any cemetery unless under the supervision of a responsible person.

*Visitors shall keep to paths:*

6. No person shall enter the cemetery or depart therefrom except by the entrance gates, and no person shall leave the roads or paths, except for purposes permitted by these regulations, or to pass on to any grave space.

*Advertising, distribution of tracts, etc., prohibited:*

7. No person shall do or solicit any business or exhibit, distribute or leave any tract, business card or advertisement within any cemetery, or shall use any cemetery road or footpath for the conveyance of any goods, or articles except such as are intended for use in the cemetery.

*Nuisance:*

8. No person shall commit any nuisance within any cemetery. The superintendent may remove from the cemetery any person who in his opinion commits a nuisance.

*Disturbance of soil and plants:*

9. No person, except where it may be expressly permitted by these regulations shall pluck any flower or remove, destroy or damage any tree, shrub or other plant, whether wild or cultivated, within a cemetery, or remove or disturb the soil under or about the same, or in any way interfere with any grave, grave space or memorial work.

*Animals in graveyard:*

10. (1) No person shall bring into or permit any bird, dog or other animal to enter the cemetery without first having obtained the Superintendent's permission to do so, which he may allow after ensuring that such bird, dog or other animal is under proper supervision and control of a responsible person.
- (2) The Council may destroy any bird, dog or other animal found by the Superintendent in the cemetery without permission, without incurring liability for compensation to the owner thereof.

*Prohibitions of vehicles:*

11. No person may bring any vehicle bicycle or perambulator into a cemetery: Provided that this prohibition shall not apply to a vehicle used for the transportation of bodies or further that the superintendent may on such conditions as he may deem fit, allow a vehicle transporting goods for use in the cemetery to enter the cemetery.

*Kinders:*

5. Geen kind mag enige begraafplaas betree nie tensy hy onder die sorg of toesig van 'n verantwoordelike persoon is.

*Besoekers moet op paadjies bly:*

6. Niemand mag 'n begraafplaas binnegaan of verlaat nie anders as deur die toegangshekke en niemand mag die paaie of voetpaadjies verlaat nie behalwe vir doeleindes deur hierdie regulasies veroorloof of om 'n graf te besoek.

*Adverteer en verspreiding van traktate, ens., verbied:*

7. Niemand mag in 'n begraafplaas sake doen of bestellings werf of traktate, sakekaartjies of advertensies toon, versprei of laat nie en niemand mag enige pad of voetpad in 'n begraafplaas gebruik vir die vervoer van goedere of artikels wat nie vir gebruik in die begraafplaas bestem is nie.

*Oorlas:*

8. Niemand mag binne 'n begraafplaas enige oorlas veroorsaak nie en die superintendent kan enigiemand wat sinsiens 'n oorlas veroorsaak uit die begraafplaas verwyder.

*Steur van grond en plante:*

9. Behalwe waar hierdie regulasies dit uitdruklik magtig, mag niemand binne 'n begraafplaas enige blom pluk of enige aangeplante of wilde boom, struik of ander plant verwyder, vernietig of beskadig, of die grond daarom of daaronder verwyder of versteur nie of hom op enige ander wyse hoegenaamd met enige graf, grafuimte of grafwerk bemoei nie.

*Diere in begraafplaas:*

10. (1) Niemand mag enige voël, hond of ander dier binne 'n begraafplaas bring of daarin toelaat nie tensy die superintendent se toestemming vooraf daartoe verkry is en die superintendent die versekering het, dat sodanige voël, hond of ander dier onder die behoorlike toesig en beheer van 'n bevoegde persoon is.
- (2) Die Raad kan enige voël, hond of ander dier wat sonder toestemming van die superintendent in 'n begraafplaas gevind word, vernietig sonder dat enige aanspreeklikheid vir vergoeding daarvoor teenoor die eienaar daarvan ontstaan.

*Verbod op voertuie:*

11. Niemand mag enige voertuig, fiets of kinderwaentjie in 'n begraafplaas inbring nie: Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is op 'n voertuig wat gebruik word om lyke te vervoer nie en met dien verstande voorts dat die superintendent, op sodanige voorwaardes soos hy na goeddunke bepaal, 'n voertuig wat goedere vervoer vir gebruik in die begraafplaas, kan toelaat om die begraafplaas binne te gaan.

*Obstruction of superintendent:*

12. No person shall obstruct, resist or oppose the superintendent in the performance of his duties or refuse to comply with any order or request which the superintendent may, under these regulations, make.

*Right to land in cemetery:*

13. No person shall acquire any right, to or interest in, any land in any cemetery other than such rights or interests as may be authorised under these regulations.

*Signing of documents:*

14. Any documents issued by the Council under these regulations shall be valid, if signed by the town clerk.

*Firearms:*

15. No person shall bring into any cemetery any firearms, nor shall any firearms be discharged in any cemetery: Provided that this prohibition shall not apply to any funeral service at which military honours are paid.

*Fees:*

16. The fees specified in Schedule C shall be imposed by the Council in respect of the various items therein contained.

## PART II - INTERMENT AND GRAVE SPACES.

*Mixed races:*

17. No non-white shall be interred in any cemetery for whites and no white person shall be interred in any cemetery set aside for the interment of non-whites.

*Purchase of right of burial in grave spaces:*

18. The Council may, in its discretion, sub-divide land in any cemetery into grave spaces, and may sell to any person the exclusive right of burial in one or more grave spaces, subject to the payment of fees prescribed in Schedule C and to the regulations for the time being in force.

Any person desiring to purchase the exclusive right of burial in any such grave space shall apply in writing to the town clerk and the town clerk shall grant such grave space and issue the necessary certificate of ownership, as prescribed in Schedule A hereto.

*Transfer of right of burial in grave spaces:*

19. No person shall sell or in any other manner transfer his right of burial in any grave space without the prior consent of the Council.

*Registration of transfer:*

20. (1) Where any person sells or in any other manner transfers his right of burial in a grave space with the written consent of the Council, such transfer shall, in

*Dwarsboming van superintendent:*

12. Niemand mag die superintendent in die uitvoering van sy pligte dwarsboom, teenstaan of opponeer nie, of weier om enige opdrag of versoek wat die superintendent in-gevolge hierdie regulasies gee, uit te voer nie.

*Reg op grond in begraafplaas:*

13. Niemand mag enige reg op of belang in grond in 'n begraafplaas verkry nie tensy sodanige regte en belange ingevolge hierdie regulasies gemagtig word.

*Ondertekening van dokumente:*

14. Enige dokumente wat die Raad ingevolge hierdie regulasies uitreik, is geldig indien dit deur die stadsklerk onderteken is.

*Vuurwapens:*

15. Niemand mag 'n vuurwapen in 'n kerkhof inbring of af-vuur nie: Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is nie in die geval van 'n begrafnisdiens wat met militêre eerbetoon gepaard gaan.

*Gelde:*

16. Die Raad hef die gelde in Bylae C uiteengesit ten opsigte van die verskillende items daarin genoem.

## DEEL II - BEGRAWING EN GRAFRUIMTES.

*Rassegroep:*

17. Geen nie-blanke mag in 'n begraafplaas vir blankes begrawe word nie en geen blanke mag in 'n begraafplaas vir nie-blankes begrawe word nie.

*Aankoop van reg op begraving in grafuimtes:*

18. (1) Die Raad kan, na goeë dunde, enige grond in 'n begraafplaas in grafuimtes onderverdeel en kan aan enigiemand die uitsluitlike reg van begraving in een of meer sodanige grafuimtes verkoop, onderhewig aan die betaling van die gelde voorgeskryf in Bylae C en die regulasies wat dan geld.

- (2) Enigiemand wat die uitsluitlike reg van begraving in so 'n grafuimte wil koop, moet skriftelik by die stadsklerk aansoek doen en die stadsklerk moet sodanige grafuimte toeken en die nodige sertifikaat van eienaarskap, soos voorgeskryf in Bylae A hiervan, uitreik.

*Oordrag van reg op begraving in grafuimtes:*

19. Niemand mag sonder die voorafverkreë toestemming van die Raad sy reg op begraving in 'n grafuimte verkoop of op 'n ander wyse oordra nie.

*Registrasie van oordrag:*

20. (1) Waar iemand sy reg op begraving in 'n grafuimte met die skriftelike toestemming van die Raad verkoop of op 'n ander wyse aan iemand anders oor-

terms of these regulations, be registered with the Council against payment of the fees prescribed in Schedule C hereto.

- (2) Transfers not complying with the provisions of this regulation shall be invalid.

*Registers:*

21. The Council shall maintain a register and a layout plan for entering all interments and a register of all grave spaces in respect of which the right of burial has been sold.

*Fees for information:*

22. Any person requiring a certified extract from the register of burials, or a certificate of transfer or wishing to have the right of burial in a grave space registered or requiring the examining of any registers, shall pay the fees prescribed in Schedule C hereto.

*Alteration of day of interment:*

23. Where a pre-determined time for a burial is for some reason or another postponed or advanced written notice of such postponement or advance shall be given at least four hours before the time of the originally determined burial in the case of a postponed burial and at least four hours before the determined time for any advanced burial.

*Dimensions of grave and niche apertures:*

24. (1) The dimensions of the aperture for any grave shall be as follows:

(a) for adults -

Length: 2,10 metres  
Breadth: 0,90 metres  
Depth: 1,83 metres;

(b) for children -

Length: 1,50 metres  
Breadth: 0,70 metres  
Depth: 1,53 metres.

- (2) The dimensions of the aperture for any niche shall be as follows:

Length: 0,50 metres  
Breadth: 0,30 metres  
Depth: 0,50 metres

Provided that any person, requiring a larger aperture for any burial, shall submit the measurements of the coffin inclusive of any accessories thereon together with the notice of burial as prescribed in Schedule B hereof.

*Burial:*

25. (1) (a) No grave may contain more than one coffin, whether it is in a grave space where the right of burial has been purchased or not, unless good

dra, moet sodanige oordrag, ooreenkomstig hierdie regulasies, by die Raad geregistreer word teen betaling van die gelde voorgeskryf in Bylae C hiervan.

- (2) Oordragte wat nie aan die bepalings van hierdie regulasie voldoen nie, is ongeldig.

*Registers:*

21. Die Raad hou 'n register en 'n plan van uitleg aan vir aantekeninge van begrawings asook van alle grafuimtes ten opsigte waarvan die reg op begraving verkoop is.

*Gelde vir inligting:*

22. Enigiemand wat 'n gesertifiseerde uittreksel uit die begrawingsregister of 'n oordragsertifikaat verlang, of die reg op begraving in 'n grafuimte wil laat registreer, of wat die register wil nagaan, moet die gelde voorgeskryf in Bylae C hiervan, betaal.

*Verandering van tyd van begraving:*

23. Waar 'n voorafbepaalde tyd van begraving om een of ander rede uitgestel of vervroeg word, moet skriftelike kennisgewing van sodanige uitstel of vervroeging minstens vier uur voor die tyd van die oorspronklike begraving in die geval van die uitgestelde begraving gegee word en minstens vier uur voor die vasgestelde tyd van die vervroegde begraving.

*Grootte van grafopenings en openings vir nisse:*

24. (1) Die afmetings van die opening vir enige graf is soos volg:

(a) Vir volwassenes -

Lengte: 2,10 meter  
Breedte: 0,90 meter  
Diepte: 1,83 meter

(b) vir kinders -

Lengte: 1,50 meter  
Breedte: 0,70 meter  
Diepte: 1,53 meter

- (2) Die afmetings van die opening vir enige nis is soos volg:

Lengte: 0,50 meter  
Breedte: 0,30 meter  
Diepte: 0,50 meter

Met dien verstande dat enigiemand wat 'n groter opening vir enige begraving verlang, saam met die kennisgewing van begraving voorgeskryf in Bylae B hiervan, die mate van die doodkis met inbegrip van enige toebehore daaraan moet verstrek.

*Begraving:*

25. (1) (a) Geen graf, of dit in 'n grafuimte is waarop die reg van begraving aangekoop is of nie, mag

reasons are put forward and the assent of the magistrate and medical officer of health has previously been obtained.

meer as een doodkis bevat nie tensy goeie redes aangevoer word en die goedkeuring van die landdros en die mediese gesondheidsbeampte vooraf verkry is.

- (b) Where such permission has been obtained, the Council may grant permission for a second coffin to be interred in the grave already containing one coffin provided that the first coffin was covered by at least 1,83 metres when buried.
- (2) The Council may grant permission for a third coffin to be interred in a grave if good reasons therefor are put forward and if permission is granted by the magistrate and the medical officer of health beforehand: Provided that no permission for such a burial shall be granted unless at least 30 years have elapsed since the last interment.
- (3) When a person has died of a contagious disease, the remains of such person shall be interred in accordance with the requirements of the medical officer of health.
- (4) Except with the permission of the Council no two coffins may be interred in the same grave at the same time.
- (5) The top of any coffin shall be at least 1,20 metres beneath the normal surface of the ground.

(b) Waar sodanige goedkeuring verkry is, kan die Raad toestemming verleen dat 'n tweede doodkis in 'n graf wat reeds een doodkis bevat, begrawe word indien die eerste doodkis by begraving 'n grondbedekking van minstens 1,83 meter gehad het.

- (2) Die Raad kan toestemming verleen dat 'n derde doodkis in 'n graf begrawe word indien goeie redes aangevoer word en die goedkeuring van die landdros en die mediese gesondheidsbeampte vooraf verkry is: Met dien verstande dat geen toestemming tot so 'n begraving verleen word nie tensy 'n tydperk van minstens dertig jaar reeds verloop het sedert die laaste begraving.
- (3) Waar 'n persoon aan 'n aansteeklike siekte gesterf het, moet sodanige oorskot begrawe word in ooreenstemming met die vereistes wat deur die mediese gesondheidsbeampte gestel word.
- (4) Behalwe met die toestemming van die Raad mag twee doodkiste nie terselfdertyd in dieselfde graf weggele word nie.
- (5) Die bokant van enige doodkis mag nie minder as 1,20 meter onder die gewone oppervlakte van die grond wees nie.

#### *Interment of ashes:*

26. (1) Any urn, casket or any other receptacle containing the ashes of a human body after cremation, shall be interred in the space or place set aside for the purpose by the Council and the fee payable shall be as specified in Schedule C hereto.
- (2) Subject to the provisions of regulation 3(b) the Council may give permission for the burial of any receptacle containing the ashes of human remains after cremation in an ordinary grave on payment of the prescribed fees.

#### *Begrawing van asse:*

26. (1) Enige kruik, kisse of ander houër wat die asse van menslike oorskot na verassing bevat, word begrawe of geplaas in die ruimte of plek wat die Raad vir daardie doel beskikbaar stel teen betaling van die gelde voorgeskryf in Bylae C hiervan.
- (2) Onderhewig aan die bepalings van regulasie 3(b) kan die Raad toestemming verleen tot die begraving van 'n houër wat die asse van menslike oorskot na verassing bevat in 'n gewone graf, teen betaling van die voorgeskrewe gelde.

#### *Child's coffin oversize:*

27. Should a child's coffin be too large for a child's grave it shall be placed in an adult's grave on payment of the fees prescribed for an adult's grave.

#### *Kind se doodkis te groot:*

27. Waar 'n kinderdoodkis te groot is vir 'n kindergraf, word dit in 'n graf vir 'n volwassene weggele teen betaling van die gelde voorgeskryf vir 'n volwassene se graf.

#### *Grave alignments and encroachments:*

28. (1) Any person erecting memorial work, shall enclose the grave space so as to secure uniformity of alignment and straightness of the memorial work as far as possible, and such principle shall be applied and carried out throughout in the erection of memorial work.
- (2) Any person who fails to comply with this requirement, or who, in carrying out any memorial work, encroaches on any road, path or adjoining ground

#### *Rigbelyning en oorskrydings:*

28. (1) Enigiemand wat enige grafwerk oprig, moet die betrokke grafuimte op so 'n wyse insluit dat daar sover as moontlik eenvormigheid van die rigbelyning en reguit lyne van grafwerk verseker word en hierdie beginsel moet deurgaans gehandhaaf word by die oprigting van grafwerke.
- (2) Enigiemand wat versuim om aan hierdie vereiste te voldoen of wat by die uitvoer van enige grafwerk inbreuk maak of enige pad, voetpad of aangrensende

encroaching on it, shall, on being required by the Council, remove such encroachment.

- (3) If any person fails to remove such encroachment the Council may rectify such encroachment and hold the person responsible liable for the cost of such rectification who shall further be deemed guilty of a contravention of these regulations.

### PART - III. FUNERALS.

#### *Religious ceremonies:*

29. No person shall conduct a religious ceremony in a cemetery or part of a cemetery which the Council has expressly set aside for the members of another religious denomination.

#### *Times of interment:*

30. (1) (a) No interments shall take place on any Sunday or public holiday except with the permission of the Council: Provided that where the Council grants such permission the person undertaking the interment shall make all the necessary arrangements with the superintendent and the Council shall not be held responsible for any delay should timeous arrangements not be made.
- (b) The fees prescribed in Schedule C for interments on Sundays and public holidays shall be payable.
- (2) No interment shall be made between 18h00 and 09h00 except in the case of extreme urgency. In such cases the superintendent shall record the reasons for such urgency.

#### *Directions of superintendent:*

31. Any person taking part in any funeral procession or ceremony shall comply with the direction of the superintendent while such person is within the cemetery.

### PART IV - CARE OF GRAVE- SPACES.

#### *Maintenance of grave spaces:*

32. (1) The owner of a grave space shall keep such grave space clean and in a good condition: Provided that where the owner neglects to maintain such a grave space in a good condition, the Council may perform such maintenance and collect any amount spent on such maintenance from the owner.
- (2) The Council may, upon application and payment of the moneys prescribed in Schedule C herein, undertake to care for grave spaces.

grond wat daarop oorskry moet, as die Raad dit vereis, sodanige inbreuk of oorskryding verwyder.

- (3) By versuim van enige persoon om sodanige inbreuk of oorskryding te verwyder, kan die Raad sodanige inbreuk of oorskryding herstel en die verantwoordelike persoon aanspreeklik hou vir die koste van sodanige herstel en sodanige verantwoordelike persoon word voorts geag skuldig te wees aan 'n oortreding van hierdie regulasies.

### DEEL III - BEGRAFNISSIE.

#### *Godsdienstige pligpleging:*

29. Niemand mag enige godsdienstige pligpleging in 'n begraafplaas of deel van 'n begraafplaas hou nie wat die Raad uitdruklik afgesonder het vir lede van 'n ander godsdienstige genootskap.

#### *Tye van begrawing:*

30. (1) (a) Buiten met die toestemming van die Raad mag geen begrawing op 'n Sondag of openbare vakansiedag plaasvind nie: Met dien verstande dat waar die Raad wel sodanige toestemming verleen, die persoon wat die begrawing onderneem, die nodige reëlings met die superintendent moet tref en die Raad nie aanspreeklikheid aanvaar as enige vertraging voorkom waar daar nie betyds reëlings getref is nie.
- (b) Vir begrawing op Sondag en openbare vakansiedae is die gelde betaalbaar soos voorgeskryf in Bylae C hiervan.
- (2) Behalwe in die uiterste noodgevalle mag geen begrawing tussen 18H00 en 09H00 plaasvind nie maar waar dit wel plaasvind moet die superintendent die redes vir die dringendheid van sodanige begrawing aanteken.

#### *Opdragte van superintendent:*

31. Elkeen wat deelneem aan 'n begrafnisoptog of pligpleging moet, terwyl hy in die begraafplaas is, die opdragte van die superintendent nakom.

### DEEL IV - VERSORGING VAN GRAFRUIMTES.

#### *Instandhouding van grafuimtes:*

32. (1) Die eienaar van 'n grafuimte moet sodanige grafuimte skoon en in 'n ordelike toestand hou: Met dien verstande dat waar so 'n eienaar versuim om so 'n grafuimte te versorg, die Raad sodanige versorging kan doen en die bedrae wat hy so spandeer op die eienaar kan verhaal.
- (2) Die Raad kan op aansoek en by betaling van die gelde voorgeskryf in Bylae C hiervan, die versorging van grafuimtes onderneem.

*Planting of Shrubs, etc.:*

33. (1) Any person may plant any shrub, plant, tree or flower in a grave space with the permission of the superintendent.
- (2) No person shall cut off or remove from the cemetery any shrub, plant, tree or flower without the permission of the superintendent.
- (3) The council may prune, cut short, dig up or remove any shrub, plant, tree or flower, at any time it finds it necessary without payment of compensation to the owner of the grave space.

## PART V.

## ERECTION AND MAINTENANCE OF MEMORIAL WORK.

*Vaults:*

34. No vault and no brick or concrete grave shall be constructed in any part of a cemetery without the consent in writing of the Council first being obtained, and no burial in any vault or brick or concrete grave shall take place unless such grave is closed and sealed immediately after interment for the satisfaction of the Council and the medical officer of health.

*Erection of memorial work:*

35. (1) A sufficient drawing and description of every vault, brick or concrete grave, or any memorial work proposed to be erected in a cemetery shall be submitted to the Council for its approval.
- (2) No such work shall be commenced until the Council has approved in writing the drawing and description, and no deviation from the approved drawing and description shall be made save with the written consent of the Council.
- (3) No person shall erect any memorial work upon any grave except in such position as the superintendent may indicate.
- (4) No person shall bring any material into any cemetery for the purpose of constructing any memorial work or any brick or stone work in a grave space unless -
- (a) all fees due in respect of such grave space have been duly paid; and
- (b) the Council's approval in respect of such erection has been given.

*Sitting on memorial work:*

36. No person shall sit, stand or climb upon or over any memorial work of a grave space, gate, wall, fence or any building in any cemetery.

*Monuments in wood:*

37. No person shall erect any memorial work of wood in any cemetery.

*Aanplant van struik, ens.:*

33. (1) Enigiemand kan, met die toestemming van die superintendent, enige struik, plant, boom of blom op 'n grafuimte plant.
- (2) Niemand mag enige struik, plant, boom of blom in 'n begraafplaas afsny of verwyder sonder die toestemming van die superintendent nie.
- (3) Die Raad kan indien hy dit nodig ag, enige struik, plant, boom of blom te eniger tyd snoei, kort knip, uitgrawe of verwyder sonder die betaling van enige vergoeding aan die eenaar van die grafuimte.

## DEEL V - OPRIGTING EN INSTANDHOUDING VAN GRAFWERK.

*Grafkelders:*

34. Geen grafkelder en geen graf van stene of beton mag in enige deel van 'n begraafplaas opgerig word sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad nie en geen begraving in 'n grafkelder of graf van stene of beton mag plaasvind nie tensy sodanige graf onmiddellik na die begraving behoorlik toegemaak en verseël word ten genoë van die Raad en die mediese gesondheidsbeampte.

*Oprigting van grafwerk:*

35. (1) 'n Toereikende tekening en beskrywing van elke grafkelder, graf van stene of beton of enige grafwerk wat bedoel is vir oprigting in die begraafplaas, moet vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word.
- (2) Daar mag nie met sodanige werk begin word voordat die Raad die tekening en beskrywing skriftelik goedgekeur het nie en daar mag nie sonder die skriftelike goedkeuring van die Raad van die goedgekeurde tekening en beskrywing afgewyk word nie.
- (3) Niemand mag enige grafwerk oprig buiten in 'n posisie wat deur die superintendent aangedui word nie.
- (4) Niemand mag enige materiaal vir die doeleindes van die oprigting van enige grafwerk, stene- of klipwerk in 'n grafuimte in 'n begraafplaas bring nie tensy -
- (a) alle gelde ten opsigte van sodanige grafuimte ten volle betaal is; en
- (b) die Raad sy goedkeuring ten opsigte van sodanige oprigting gegee het.

*Sit op grafwerk:*

36. Niemand mag op enige grafwerk van 'n grafuimte of op enige hek, muur, heining of gebou in 'n begraafplaas sit of staan nie, of daaroor of daarop klim nie.

*Grafwerk van hout:*

37. Niemand mag enige grafwerk van hout in 'n begraafplaas oprig nie.

*Neglected memorial work:*

38. (1) If any memorial work is in such a state of disrepair that it is, according to the Council, a danger or that it disfigures the cemetery, the Council shall notify the owner or next of kin with a request to restore it to the satisfaction of the Council.
- (2) If the owner does not do the necessary restoration within the time stipulated in the notice, the Council may do the necessary repairs and recover the cost thereof from the owner.
- (3) If the address of the owner is unknown to the Council and the next of kin cannot be found, the Council's intention to restore the neglected memorial work shall be made known by means of newspaper notice circulating in the Territory.

*Supervision of work:*

39. Any person engaged upon any work in a cemetery shall effect such work under the supervision of and to the satisfaction of the superintendent.

*Damage to memorial work:*

40. The Council shall in no case be liable for any damage which may at any time occur to any memorial work from any cause whatsoever.

*Provisions for construction of memorial work:*

41. In the construction of any memorial work, the following provisions shall be complied with:
- (a) Any person in erecting a tombstone in any gravespace shall, if required to do so by the superintendent, provide a reinforced concrete block resting on solid ground to an extent of not less than 30 cm to serve as a solid base of such tombstone according to the design and specifications approved by the Superintendent.
- (b) No kerb stone shall project more than 22 cm above the normal surface of the ground or shall extend more than 20cm below the surface of the ground without the permission of the Council.
- (c) All headstones shall be secured to the base to the satisfaction of the superintendent.
- (d) No soft stone may be used for any memorial work.
- (e) The base of any monument shall be in proportion to the size and weight of the structure to be erected thereon and the superintendent shall decide how this provision shall be complied with.
- (f) Gravel may only be spread in the space between the kerb stones in a grave space if that space has

*Verwaarloosde grafwerk:*

38. (1) Waar enige grafwerk in so 'n vervalde toestand raak dat dit, volgens die Raad se mening, 'n gevaar inhou of 'n ontsiering van die kerkhof is, moet die Raad die eienaar of 'n naasbestaande, daarvan in kennis stel met die versoek om dit te herstel ten genoë van die Raad.
- (2) Indien die eienaar sodanige herstelwerk nie binne die tydperk wat in die kennisgewing genoem word, doen nie, kan die Raad sodanige herstelwerk self doen en die koste daarvan op die eienaar verhaal.
- (3) Waar die adres van die eienaar nie meer aan die Raad bekend is nie of geen naasbestaande opgespoor kan word nie, moet die Raad sy voorneme om sodanige verwaarloosde grafwerk te herstel by wyse van 'n kennisgewing in 'n nuusblad wat in die Gebied in omloop is, bekend maak.

*Toesig oor grafwerk:*

39. Enigiemand wat enige werk in 'n begraafplaas verrig, moet dit onder toesig van en ten genoë van die superintendent verrig.

*Skade aan grafwerk:*

40. Die Raad aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige skade, hoe sodanige skade ook al mag ontstaan, wat aan enige grafwerk veroorsaak word nie.

*Bepalings vir die aanbring van grafwerk:*

41. By die oprigting van enige grafwerk moet die volgende bepalings nagekom word -
- (a) Enigiemand wat 'n grafsteen op 'n grafuimte wil oprig, moet indien die superintendent dit vereis, 'n blok van versterkte beton wat as voetstuk vir die grafsteen moet dien, volgens ontwerp en spesifikasies deur die superintendent goedgekeur, oor die breedte van die graf aanbring en sodanige betonblok moet aan weerskante van die graf minstens 30 sentimeter op vaste grond rus.
- (b) Geen randsteen mag sonder die toestemming van die Raad meer as 22 sentimeter bokant die normale oppervlakte van die grond uitsteek nie of dieper as 20 sentimeter onder die oppervlakte van die grond strek nie.
- (c) Alle kopstene moet ten genoë van die superintendent stewig aan die basis vasgeheg word.
- (d) Geen sagte klip mag vir enige grafwerk gebruik word nie.
- (e) Die basis van enige gedenksteen moet in verhouding wees tot die grootte en gewig van die struktuur wat daarop kom en die superintendent beslis hoe hierdie bepaling nagekom moet word.
- (f) Gruis mag alleenlik in die spasie tussen randstene op 'n grafuimte gebruik word indien sodanige spasie

previously been covered by a layer of cement, at least 5 cm thick, and sufficient holes have been left, to the satisfaction of the superintendent for the drainage of water.

vooraf met minstens 'n 5 sentimeter dik sementlaag afgedek is en voldoende gate, ten genoeg van die superintendent gelaat word vir die afloop van water.

*Vehicles and tools:*

- 42. Every person wishing to do any work upon any grave or grave space shall provide his own vehicles and tools: Provided that no such vehicles or tools shall be of such a nature that their use may contravene these regulations.

*Voertuie en gereedskap:*

- 42. Enigiemand wat aan 'n graf of grafruimte wil werk, moet sy eie voertuie en gereedskap verskaf: Met dien verstande dat sodanige voertuie of gereedskap van so 'n aard moet wees dat die gebruik daarvan nie op 'n oortreding van enige van hierdie regulasies neerkom nie.

*Rubbish and debris:*

- 43. No person shall leave any rubbish, loose soil, stone or other debris within any cemetery, or deface the cemetery or any part thereof.

*Vuilgoed en puin:*

- 43. Niemand mag enige vuilgoed, los grond, klippe of ander puin in 'n begraafplaas laat bly nie of die begraafplaas of enige deel daarvan ontsier nie.

*Cessation of work:*

- 44. No person shall bring any memorial work or material or do any work within any cemetery from 12H00 on Saturday to 06H30 on the following Monday or on any public holiday: Provided that the superintendent may give his permission thereto in exceptional cases.

*Staking van werk:*

- 44. Niemand mag tussen 12H00 op Saterdag en 06H30 op die daaropvolgende Maandag of op enige openbare vakansiedag enige grafwerk of materiaal in 'n begraafplaas bring of daarin werk nie: Met dien verstande dat die superintendent in uitsonderlike gevalle sy toestemming daartoe mag gee.

*Inclement weather conditions:*

- 45. No person shall fix or place any memorial work in inclement weather, or while the ground is, in the opinion of the superintendent, in an unfit state.

*Slegte weersomstandighede:*

- 45. Niemand mag enige grafwerk in slegte weersomstandighede of wanneer die grond na die mening van die superintendent, ongeskik is, aanbring of oprig nie.

*Penalties:*

- 46. Any person contravening any provision of these regulations or failing to comply therewith shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding R50,00 or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three months.

*Strawwe:*

- 46. Enigiemand wat 'n bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50,00 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

*Repeal of regulations:*

- 47. The regulations promulgated by Government Notice 73 of 1930 are hereby repealed.

*Herroeping van regulasies:*

- 47. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 73 van 1930 word hierby herroep.

SCHEDULE A.

BYLAE A.

MUNICIPALITY OF MARIENTAL:

DIE MUNISIPALITEIT VAN MARIENTAL:

CERTIFICATE OF PURCHASE OF EXCLUSIVE RIGHT OR BURIAL IN A GRAVE.

SERTIFIKAAT VAN AANKOOP VAN UITSLUITLIKE REG OP BEGRAWING IN 'N GRAF.

This is to certify that .....

Hierby word gesertifiseer dat .....

is the registered purchaser of the exclusive right of burial in grave no. ....

die geregistreeerde koper is van die uitsluitlike reg op begraving in graf no. ....

of block no. ....

van blok no. ....

in the .....

in die .....

cemetery for whites, subject to the regulations relating to the said cemetery.

begraafplaas vir blankes, onderhewig aan die regulasies van toepassing op genoemde begraafplaas.



.....  
Town Clerk.

Dated at Mariental on this .....

day of .....

19 ..... Amount: .....

Receipt no: .....

(This form is to be produced at the time interment is to be made in a registered grave.)

SCHEDULE B.

MUNICIPALITY OF MARIENTAL:  
NOTICE OF INTERMENT.

Name of deceased (in full) .....

Sex ..... Age .....

Late Residence (in block letters) .....

Cause of death .....

Date of death ..... 19 .....

To be interred on ..... 19 .....

at .....

State where funeral service will take place .....

If in chapel in cemetery what time will remains be transferred to chapel .....

on ..... 19 .....

Name of officiating clergyman .....

Name of undertaker .....

Number of grave space .....

Block number .....

Name of person in whose name grave space is registered .....

Address .....

Name of person responsible for payment of fees .....

Address: .....

Signature of applicant.

Date: .....

.....  
Stadsklerk.

Gedateer te Mariental op hierdie die .....

dag van ..... 19 .....

Bedrag: R .....

Kwitansies: .....

(Hierdie vorm moet getoon word wanneer begrawing in 'n geregistreerde grafuimte moet geskied).

BYLAE B.

DIE MUNISIPALITEIT VAN MARIENTAL:  
KENNISGEWING TOT TERAARDEBESTELLING.

Volle naam van oorledene: .....

Geslag ..... Ouderdom .....

Laaste woonplek .....

Oorsaak van dood .....

Datum van/dood .....

word begrawe op ..... 19 .....

o .....

Waar begrafnisdienis gehou word .....

As diens in kapel in begraafplaas gehou word, wanneer stoflike oorskot na kapel geneem word .....

op ..... 19 .....

Naam van predikant wat die begrafnis lei .....

Naam van begrafnisondernemer .....

Nommer van grafuimte .....

Blok nommer .....

Naam van persoon in wie se naam grafuimte geregistreer is: .....

Adres .....

Naam van persoon verantwoordelik vir betaling van gelde: .....

Adres: .....

Handtekening van applikant.

Datum: .....

NOTE:

No burial will be effected unless a burial order as prescribed by Act 81 of 1963, or any amendments as may be made from time to time, has been obtained and attached to this form of notice.

Size of coffin: .....

SCHEDULE C.

MUNICIPALITY OF MARIENTAL: FEES AND CHARGES.

1. Purchase fees:

Purchase of exclusive right of burial in a grave space or reservation thereof .....R10,00

2. Interment fees:

Fees for interment:

(a) for adults .....R10,00

(b) for children .....R 7,50

(c) for ashes in niches .....R 5,00

3. Various charges:

(a) Registration of transfer of right of burial in a grave space .....R 1,00

(b) For certified extract from registers .....R 1,00

(c) For examination of registers .....50

(d) For maintenance of graves by the Council - (per month) .....50

4. Special fees and charges:

(a) For interments on Sundays and public holidays an additional charge of 50% of the fees mentioned under paragraph 2 of this Schedule shall be levied.

(b) The charges and fees mentioned under paragraphs 1 and 2 of this Schedule are applicable only to persons residing within the municipal area. In respect of persons residing outside the municipal area an additional charge of 50% shall be made to the said charges or fees.

(c) For the purpose of this paragraph "residence" in respect of children shall be the normal place of residence of the parents, or the remaining parent or guardian of the deceased.

In respect of adults "residence" is the normal place of residence of the deceased during his or her life immediately prior to death.

Should any dispute arise as to the normal residence, the town clerk shall decide on the normal residence and his decision shall be binding and final.

OPMERKING:

Geen begrawing word uitgevoer nie, tensy 'n begrafnisorder soos voorgeskryf by Wet 81 van 1963 of soos van tyd tot tyd gewysig, verkry en aan hierdie kennisgewingvorm geheg word.

Afmetings van doodkis .....

BYLAE C.

MUNISIPALITEIT VAN MARIENTAL: GELDE EN VORDERINGS.

1. Aankoopgelde:

Aankoop van uitsluitlike reg op begrawing in 'n grafuimte of die reservering daarvan .....R10,00

2. Begrafnisgelde:

(a) Volwassenes .....R10,00

(b) Kinders .....R7,50

(c) Asse in nis .....R5,00

3. Diverse vorderings:

(a) Registrasie van oordrag van reg op begrawing in 'n grafuimte .....R1,00

(b) Vir gesertifiseerde uittreksel uit registers ....R1,00

(c) Vir ondersoek en nagaan van registers .....R0,50

(d) Vir versorging van grafte deur die Raad (per maand) .....R0,50

4. Spesiale koste en gelde.

(a) Vir begrawing op Sondae en openbare vakansiedae word 'n ekstra bedrag gelyk aan 50% van die gelde genoem in paragraaf 2 van hierdie bylae betaalbaar.

(b) Die koste en gelde gemeld in paragrawe 1 en 2 van hierdie bylae geld net vir persone wat in die munisipale gebied woon. Ten opsigte van persone wat buite die munisipale gebied woon, word 50% bygevoeg by die aangegewe koste of gelde.

(c) Vir die doel van hierdie paragraaf is die "woonplek" ten opsigte van kinders die normale plek van verblyf van die ouers, of die oorlewende ouer of voog van die oorledene.

Ten opsigte van volwassenes is "woonplek" die normale plek van verblyf van die oorledene gedurende sy of haar leeftyd onmiddellik voor die tyd van afsterwe.

In geval 'n geskilpunt ontstaan oor die normale plek van verblyf beslis die stadsclerk welke plek die normale plek van verblyf was en sy beslissing is finaal en bindend.

No. 279]

[2 January 1974

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243(3) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), approved the following regulations:

KEETMANSHOOP MUNICIPALITY:  
WATER SUPPLY REGULATIONS.

1. DEFINITIONS.

In these regulations, unless inconsistent with the context, the following words and expressions have the meanings hereby assigned to them:

"*communication pipe*" means any pipe leading from a main to the premises of any consumer as far as the street boundary of such premises situated nearest to such main or, in cases where a meter is installed inside the premises of any consumer in accordance with these regulations as far as the inlet of the meter;

"*consumer*" means the occupier of any premises which the local authority has agreed to supply with water or the owner of such premises or any other person who has entered into an agreement with the local authority for the supply of water or who is lawfully obtaining water from the local authority;

"*domestic purpose*" includes every kind of household purpose;

"*industrial water*" means water supplied to premises defined as factories under the Factories, Machinery and Building Works Ordinance 1952 (Ordinance 34 of 1952) or any amendments thereto, and works falling under the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1954 (Ordinance 26 of 1954,) or any amendment thereof;

"*local authority*" means the Keetmanshoop Municipality;

"*main*" means any pipe, aqueduct, or other work under the exclusive control of the local authority and used by it for the purpose of conveying water to consumers but shall not include any communication pipe, as herein defined;

"*service*" means all pipes, fittings, and apparatus except any portion of the communication pipe or the meter, used or intended to be used for or in connection with the supply of water by the local authority and situated on the premises occupied or owned by the consumer;

"*service pipe*" means any pipe included in any service;

"*tariff*" means the tariff of charges for water or other services prescribed by the local authority, and set out in Appendix B as amended from time to time;

"*engineer*" means the town engineer of the local authority or any person acting in that capacity or on his behalf;

"*Treasurer*" means the town treasurer of the local authority or any person acting on his behalf;

No. 279]

[2 Januarie 1974.

Die Uitvoerende Komitee het ingevolge die bepalings van artikel 243(3) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), soos gewysig, die onderstaande regulasies goedgekeur.

MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP  
WATERVOORSIENINGSREGULASIES.

1. WOORDBEPALING.

Tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenisse wat hierby daaraan geheg word:

"*diens*" beteken alle pype, toebehore en apparaat, behalwe 'n deel van die verbindingspyp of die meter, wat gebruik word of bedoel is vir gebruik vir of in verband met die voorsiening van water deur die plaaslike bestuur en wat op die perseel geleë is wat deur die verbruiker bewoon word of aan hom behoort;

"*dienspyp*" beteken enige pyp wat deel van 'n diens uitmaak;

"*hoofleiding*" beteken 'n pyp, akwaduk of ander werk onder die uitsluitlike beheer van die plaaslike bestuur wat deur die plaaslike bestuur gebruik word vir die doel om water na verbruikers te vervoer, maar sluit geen verbindingspyp in soos hierin omskryf nie;

"*huishoudelike doeleindes*" sluit elke tipe huishoudelike doel in;

"*ingenieur*" beteken die stadsingenieur van die plaaslike bestuur of iemand wat in die hoedanigheid waarneem of namens hom optree;

"*nywerheidswater*" beteken water wat verskaf word aan perseel wat as fabriek omskrywe word kragtens die Ordonnansie op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk 1952 (Ordonnansie 34 van 1952) of 'n wysiging daarvan, en werke wat onder die Ordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1954 (Ordonnansie 26 van 1954) of 'n wysiging daarvan, ressorteer;

"*plaaslike bestuur*" beteken die Munisipaliteit van Keetmanshoop;

"*tarief*" beteken die tarief van koste vir water of ander dienste wat deur die plaaslike bestuur voorgeskryf, en in Aanhangel B uiteengesit word, soos van tyd tot tyd gewysig;

"*tesourier*" beteken die stadstesourier van die plaaslike bestuur of iemand wat namens hom optree;

"*verbindingspyp*" beteken 'n pyp wat van 'n hoofleiding na die perseel van 'n verbruiker lei tot by die straatgrens van sodanige perseel wat naaste aan sodanige hoofleiding geleë is of, in gevalle waar 'n meter, volgens hierdie regulasies op die perseel van 'n verbruiker geleë is, tot by die inlaat van die meter.

"*verbruiker*" beteken die bewoner van 'n perseel wat die plaaslike bestuur onderneem het om van water te voorsien of die eienaar van sodanige perseel of 'n ander persoon wat 'n ooreenkoms aangegaan het met die plaaslike bestuur vir die voorsiening van water of wat wettiglik water van die plaaslike bestuur verkry.

"water for building purposes" means water used from the local authority's mains for the purpose of erecting a building or buildings.

## 2. DOMICILIUM CITANDI.

For the purpose of the serving of any notice, order, or other document referred to in these regulations the address of the consumer appearing in the books of the treasurer shall be deemed to be the *domicillium citandi* of the consumer.

## 3. OFFENCES.

Any consumer having or using upon his premises, and any person providing, installing, laying down, or connecting or causing or permitting to be provided, installed, laid down, or connected, upon any premises any service or part thereof or any meter or apparatus which fails to comply with the requirements of these regulations or who contravenes any of the other provisions of such regulations shall be guilty of an offence.

## 4. LIABILITY OF CONSUMER.

Any contravention of these regulations committed on any premises, shall be deemed to have been committed by the consumer unless and until he proves the contrary.

## 5. ENTRY AND INSPECTION BY EMPLOYEES.

- (1) The engineer or any other duly authorized employee of the local authority, may for any purpose connected with the carrying out of these regulations at all reasonable times or at any time in an emergency and without previous notice enter upon any premises and make such inspection examination and enquiry as he may deem necessary: Provided that upon entry on any premises such employee shall if thereto required, state the reason for such inspection examination, and enquiry.
- (2) Where the engineer or such employee considers it necessary for the purpose of examination or inspection or of carrying out any other work he may, at the expense of the consumer, after having given 24 hours' notice, or at once without giving any notice if in his opinion immediate action is necessary move any earth concrete brick, wood, metal work, or any other thing which is part of such premises.
- (3) The local authority shall not be liable to pay any compensation in respect of any inspection, examination, or work carried out by its employees under subregulation (2) of this regulation: Provided that where any such inspection, examination, or work is carried out for the sole purpose of discovering whether a contravention of these regulations has been committed and no such contravention is discovered, the local authority shall bear the expense connected therewith together with that of restoring the premises to their former condition.

"water vir boudoeleindes" beteken water wat van die hoofleidings van die plaaslike bestuur gebruik word met die doel om 'n gebou of geboue op te rig.

## 2. DOMICILIUM CITANDI.

Vir die doel van die aflewering of betekening van 'n kennisgewing, bevel of ander dokument wat in hierdie regulasies genoem word, moet die adres van die verbruiker wat in die boeke van die tesourier verskyn as *domicilium citandi* van die verbruiker beskou word.

## 3. OORTREDINGS.

'n Verbruiker wat 'n diens, of deel daarvan, of 'n meter of apparaat, wat nie aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen nie, op sy perseel het of gebruik, en iemand wat bostaande voorsien, installeer, lê of verbind of veroorsaak of toelaat dat bostaande op 'n perseel voorsien, geïnstalleer, gelê of verbind word of wat enige van die ander bepalinge van hierdie regulasies oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

## 4. AANSPREEKLIKHEID VAN VERBRUIKER.

Daar word geag dat 'n oortreding van hierdie regulasies, wat op 'n perseel begaan is, deur die verbruiker begaan is, tensy en tot tyd en wyl hy die teendeel bewys het.

## 5. BETREDING EN INSPEKSIE DEUR WERKNEMERS.

- (1) Die ingenieur, of 'n ander behoorlik gemagtigde werknemer van die plaaslike bestuur, kan vir 'n doel wat met die uitvoering van hierdie regulasies in verband staan, te alle redelike tye of te eniger tyd in 'n noodgeval en sonder vorige kennisgewing 'n perseel betree en sodanige inspeksie en ondersoek uitvoer en sodanige navraag doen as wat hy nodig ag: Met dien verstande dat sodanige werknemer by die betreding van 'n perseel die rede vir sodanige inspeksie, ondersoek en navraag moet meld indien hy daarom versoek word.
- (2) Indien die ingenieur of sodanige werknemer dit vir die doel van die ondersoek of inspeksie of vir die uitvoering van enige werk nodig ag, kan hy, nadat hy vier-en-twintig (24) uur kennis gegee het of onmiddellik sonder enige kennisgewing, indien onmiddellike optrede volgens sy mening nodig is, enige grond, beton, stene, hout, metaalwerk of 'n ander ding wat deel van sodanige perseel uitmaak, op koste van die verbruiker verskuif.
- (3) Die plaaslike bestuur is nie aanspreeklik om enige vergoeding te betaal in verband met 'n inspeksie, ondersoek of werk wat deur werknemers van die plaaslike bestuur uitgevoer is kragtens subregulasie (2) van hierdie regulasie nie: Met dien verstande dat waar sodanige inspeksie, ondersoek of werk uitgevoer word met die blote doel om vas te stel of 'n oortreding van die regulasies begaan is, en geen sodanige oortreding gevind word nie, die plaaslike bestuur sowel die uitgawes in verband daarmee as dié van die herstel van die perseel tot sy vorige toestand, moet dra.

PROVISIONS RELATING TO THE LOCAL AUTHORITY'S WATER SUPPLY.

6. CONNECTIONS BY LOCAL AUTHORITY ONLY.

No person except an authorized employee of the local authority shall make any connection to any main or communication pipe: Provided that the connection of the service to the end of the communication pipe or, where a meter is installed by the local authority inside any premises, to the outlet from such meter may be made by the consumer.

7. CONNECTIONS TO OTHER SUPPLIES.

No service pipe, tank, cistern, or apparatus for storing or conveying water supplied by the local authority shall be directly connected with any other system of water supply, unless such other system complies with all the requirements of the public health laws.

8. UNAUTHORIZED TAKING OF WATER.

No person other than a person who has entered into a contract with the local authority for a supply of water and has otherwise complied with the requirements of these regulations shall take any water from, or make or cause to be made any connection with any main, communication pipe reservoir, hydrant, conduit, cistern, or other thing containing water belonging to the local authority, except with the written permission of the local authority under the hand of the engineer first had and obtained.

9. DAMAGE TO WATER SYSTEM.

No person shall wilfully or negligently damage or cause to be damaged any main, communication pipe, or meter or other plant or apparatus belonging to the local authority and used or intended to be used by it in connection with the supply of water.

10. POLLUTION OF SUPPLY.

No person shall -

- (a) bathe in any stream, reservoir, aqueduct, or other place which contains water belonging wholly or partly to the local authority or under the control or management of the local authority and which is used for or in connection with the supply of water to the inhabitants of the local authority's area of supply, or wash, throw, or cause or permit to enter therein any animal, unless such act is specially permitted.
- (b) throw any rubbish, dirt, filth, or other deleterious matter into such stream reservoir, aqueduct, or other place, or wash or cleanse therein any cloth, wool, leather, or the skin of any animal, or any clothes, or other matter;
- (c) cause or permit the water from any sink, sewer, drain, engine, boiler or any other unclean water or liquid for the control of which he is responsible, to

BEPALINGS BETREFFENDE WATERVOORSIENING DEUR DIE PLAASLIKE BESTUUR.

6. VERBINDINGS SLEGS DEUR PLAASLIKE BESTUUR.

Geen ander persoon as 'n gemagtigde werknemer van die plaaslike bestuur mag 'n aansluiting aan 'n hoofleiding of verbindingspyp maak nie: Met dien verstande dat die aansluiting van die diens aan die ent van die verbindingspyp of, in die geval van 'n meter wat deur die plaaslike bestuur op 'n perseel geïnstalleer is aan die uitlaat van sodanige meter, deur die verbruiker uitgevoer kan word.

7. AANSLUITINGS AAN ANDER WATERTOEVER.

Geen dienspyp, tenk, bak of apparaat vir die bewaring of vervoer van water wat deur die plaaslike bestuur voorsien word, mag direk aan 'n ander stelsel van watervoorsiening aangesluit word nie tensy sodanige ander stelsel voldoen aan al die vereistes van die openbare gesondheidswette.

8. ONGEMAGTIGDE NEEM VAN WATER.

Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur, onder die hand van die ingenieur gegee, mag niemand, behalwe 'n persoon wat 'n kontrak met die plaaslike bestuur aangegaan het vir watervoorsiening en in ander opsigte voldoen het aan die vereistes van hierdie regulasies, water neem van of 'n aansluiting maak of laat maak met 'n hoofleiding, verbindingspyp, reservoir, brandkraan, leipyp, bak, of ander ding wat water bevat wat aan die plaaslike bestuur behoort nie.

9. BESKADIGING VAN WATERSTELSEL.

Niemand mag opsetlik of op nalatige wyse 'n hoofleiding, verbindingspyp of meter of ander installasie of apparaat wat aan die plaaslike bestuur behoort en gebruik word of bedoel is vir gebruik deur die plaaslike bestuur in verband met die voorsiening van water, beskadig of toelaat dat dit beskadig word nie.

10. BESOEDLING VAN WATERVOORRAAD.

Niemand mag -

- (a) in enige stroom, reservoir, akwaduk, of ander plek wat water bevat wat heeltemal of gedeeltelik aan die plaaslike bestuur behoort, of onder die beheer of bestuur van die plaaslike bestuur staan, en wat gebruik word vir of in verband met die voorsiening van water aan die inwoners van die voorsieningsgebied van die plaaslike bestuur, bad of was of 'n dier daarin was of gooi of veroorsaak of toelaat dat 'n dier daarin gaan nie tensy sodanige handeling spesiaal toegelaat word:
- (b) enige afval, vullis, vuilgoed of ander skadelike stof in sodanige stroom, reservoir, akwaduk of ander plek gooi nie of enige doek, wol, leer of die vel van 'n dier, of enige klere of ander stof daarin was of reinig nie:
- (c) veroorsaak of toelaat dat die water uit 'n opwasbak, vuilriool, riool, enjin, stoomketel of enige ander vuil water of vloeistof vir die beheer waarvan hy

run or be brought into any such stream, reservoir, main, aqueduct, or other place or do any other act whereby the supply of water to the inhabitants of the local authority's area of supply may be polluted.

#### 11. MIXING OF RAIN-WATER WITH LOCAL AUTHORITY'S SUPPLY.

No person shall cause or permit

- (a) any service pipe connected with any main to be connected to any cistern, butt, or other receptacle used or intended to be used for the reception or storage of water obtained from any source other than the local authority's mains or with any wooden receptacle which is not furnished with an approved lining;
- (b) rain water to flow into any tank or cistern supplied with water by the local authority.

#### 12. APPLICATION AND AGREEMENT FOR SUPPLY.

- (1) An application for the supply of water shall be made to the engineer on the prescribed form, which shall also contain a form of agreement, and the applicant shall state for what purposes the water is required, and shall sign such form of agreement.
- (2) The engineer shall inform the applicant whether or not such application has been granted.

#### 13. DEPOSITS.

- (1) Except in the case of the Government of the Republic of South Africa, the Administration of South West Africa or the South African Railways and Harbours, every applicant for a supply of water shall, upon signing an agreement for such supply, and before such supply is given, deposit with the local authority a sum of money which shall be fixed by its treasurer. Such deposit shall however not exceed the cost of the maximum quantity of water which such applicant is, in the opinion of the treasurer, likely to use during any period of two months: Provided that in every case a sum of not less than fifteen rand (R15) shall be deposited.
- (2) Where at any time the treasurer gives written notice to any consumer, requiring such deposit to be increased as not being sufficient (to cover the cost of the maximum quantity referred to in subregulation (1) of this regulation), the additional amount so required by the treasurer shall forthwith be deposited by the consumer, and in the event of such additional amount not being deposited within thirty days from the date of such a notice the local authority shall be empowered to discontinue the supply.

verantwoordelik is, in sodanige stroom, reservoir, hoofleiding, akwaduk, of ander plek loop of dit daarna laat oorbring, of enige ander handeling verrig waardeur die water wat deur die plaaslike bestuur aan die inwoners van die gebied voorsien word, besoedel kan raak nie.

#### 11. MENG VAN REËNWATER MET DIE WATERVOORRAAD VAN DIE PLAASLIKE BESTUUR.

Niemand mag veroorsaak of toelaat dat —

- (a) 'n dienspyp, wat aangesluit is aan 'n hoofleiding, aangesluit word aan 'n bak, vat of ander houer wat gebruik word of wat bedoel is vir gebruik vir die ontvangs of bewaring van water wat verkry word uit 'n ander bron as die hoofleidings van die plaaslike bestuur of aan 'n houthouer wat nie van 'n goedgekeurde voering voorsien is nie;
- (b) reënwater in 'n tenk of bak wat deur die plaaslike bestuur van water voorsien word, inloop nie.

#### 12. AANSOEK OM EN OOREENKOMS VIR WATERVOORSIENING.

- (1) 'n aansoek om die voorsiening van water moet aan die ingenieur op die voorgeskrewe vorm gerig word, wat ook 'n vorm van ooreenkoms moet bevat, en die applikant moet meld vir watter doeleindes die water verlang word en moet sodanige vorm van ooreenkoms teken.
- (2) Die ingenieur moet die applikant in kennis stel of sodanige aansoek toegestaan is of nie.

#### 13. DEPOSITO'S.

- (1) Behalwe in die geval van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, die Administrasie van Suidwes-Afrika of die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, moet elke applikant om watervoorsiening by die ondertekening van 'n ooreenkoms vir sodanige voorsiening en voordat sodanige toevoer voorsien word, 'n bedrag wat deur die tesourier van die plaaslike bestuur vasgestel word by die plaaslike bestuur inbetaal. Sodanige bedrag moet egter nie die koste van die maksimum hoeveelheid water oorskry wat sodanige applikant, na die mening van die tesourier, waarskynlik gedurende enige tydperk van twee maande sal gebruik nie: Met dien verstande dat in elke geval 'n bedrag van minstens vyftien rand (R15,00) inbetaal moet word.
- (2) Indien die tesourier te eniger tyd skriftelik kennis aan die verbruiker gee dat sodanige deposito verhoog moet word aangesien dit nie voldoende is nie (om die koste van die maksimum hoeveelheid in subregulasie (1) van hierdie regulasie genoem, te dek), moet die bykomende bedrag, wat aldus deur die tesourier vereis word, onverwyld deur die verbruiker inbetaal word en, indien sodanige bykomende bedrag nie binne dertig dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing inbetaal word nie het die plaaslike bestuur die reg om die watertoevoer af te sluit.

- (3) Such deposit shall be refunded to the consumer where the local authority refuses an application and upon the termination of the agreement: Provided that in the event of any sum being shown in the local authority's books as due from the consumer to the local authority, the treasurer shall be entitled to set off in payment the whole or any portion of the sum so deposited against any such sum shown as due and to retain that portion of the deposit thus set off.

#### 14. SPECIAL AGREEMENTS.

The local authority shall be entitled to enter into special agreements in the form of Schedule A with any person or consumer in the following circumstances:

- (a) for the supply to the Council of water in bulk; and
- (b) for the supply of water in bulk to consumers direct at charges to be agreed upon.

#### 15. CUTTING OFF SUPPLY.

- (1) Without paying compensation and without prejudice to its rights to obtain payment for water supplied to the consumer, the local authority may cut off the supply to any consumer where such consumer has -

(i) failed to pay any sum due to the local authority in terms of these regulations;

(ii) wilfully or negligently damaged or caused or permitted damage to be inflicted upon or tampered with, any main, communication pipe, meter, or other plant or apparatus belonging to or under the control of the local authority and used or intended to be used by it in connection with the supply of water;

(iii) committed a contravention of any of the provisions of these regulations: Provided that in cases falling under paragraphs (ii) and (iii) of this subregulation, not less than seven days' written notice under the hand of the engineer shall be given to any consumer prior to the cutting off of the supply.

- (2) The consumer shall pay to the local authority the fee prescribed in the tariff for cutting off water in terms of this regulation.

- (3) In the event of the local authority at any time restoring the supply of water to such consumer, the consumer shall pay to the local authority such charges as are prescribed in the tariff in respect of such restoration unless he establishes that the local authority was not entitled in terms of subregulation (1) of this regulation to cut off such supply.

- (3) Sodanige deposito moet aan die verbruiker terugbetaal word indien die plaaslike bestuur 'n aansoek weier, en by die beëindiging van die ooreenkoms: Met dien verstande dat in geval van 'n bedrag wat in die boeke van die plaaslike bestuur as verskuldig aan die plaaslike bestuur deur die verbruiker, aangegee word, die tesourier geregtig is om die hele of 'n gedeelte van die bedrag wat aldus inbetaal is, te verreken teen die verskuldigde bedrag en om die gedeelte van die deposito aldus verreken, te behou.

#### 14. SPESIALE OOREENKOMSTE.

Die plaaslike bestuur is geregtig om spesiale ooreenkomste aan te gaan in die vorm in Bylae A met 'n persoon of verbruiker in die volgende omstandighede:

- (a) Om water by grootmaat aan die Raad te lewer; en
- (b) om water by grootmaat aan verbruikers te lewer teen tariewe waarop daar ooreengekom moet word.

#### 15. AFSLUITING VAN TOEVOER.

- (1) Die plaaslike bestuur mag, sonder om vergoeding te betaal en sonder benadeling van sy reg om betaling te eis vir water wat aan die verbruiker voorsien is, die watertoevoer na enige verbruiker afsluit indien sodanige verbruiker -

(i) versuim het om 'n bedrag wat ingevolge hierdie regulasies aan die plaaslike bestuur verskuldig is, te betaal;

(ii) opsetlik of deur nalatigheid 'n hoofleiding, verbindingspyp, meter of ander installasie of apparaat wat aan die plaaslike bestuur behoort, of onder die beheer van die plaaslike bestuur staan, en wat gebruik word deur of bedoel is vir gebruik deur die plaaslike bestuur in verband met die voorsiening van water beskadig, laat beskadig of toelaat dat dit beskadig word of daaraan peuter of laat peuter of toelaat dat daaraan gepeuter word;

(iii) 'n oortreding van enige bepalings van hierdie regulasies begaan:

Met dien verstande dat in gevalle wat onder paragrawe (ii) en (iii) van hierdie subregulasie ressorteer, minstens sewe dae skriftelike kennis onder die hand van die ingenieur aan 'n verbruiker gegee moet word alvorens sy watertoevoer afgesluit word.

- (1) Behalwe in die geval van kobinasiesilinders, moet elke warmwatersilinder voorsien wees van 'n uitsitpyp wat direk na die atmosfeer afvoer in 'n posisie waar oorloop maklik opgemerk sal word of wat anders bokant die oppervlakte van die water in die bak wat sodanige warmwatersilinder voorsien, afvoer.
- (2) Die toevoerpyp van 'n bak na 'n warmwaterapparaat moet voorsien wees van 'n maklik bereikbare afsluitkraan.

#### 56. MATERIAAL VAN SIRKULASIE- OF TOEVOERPYPE.

Sirkulasie- of toevoerpype vir warm water moet van lood, gegalvaniseerde staal of koper wees.

#### 57. SPOELBAKKE.

Elke spoelbak vir 'n spoelkloset, urinaal of vuilwater-tregter moet voldoen aan die plaaslike bestuur se Rioleringsregulasies.

#### 58. PROPKLEP OF AFSLUITKRAAN.

Behalwe in die geval van bakke vir vuilwatertregters, latrines of urinale, moet 'n propklep of afsluitkraan aan die uitlaatpyp van elke bak aangebring word, om dit sodoende onnodig te maak om die bak leeg te maak as die diens herstel word.

#### SPESIALE BEPALINGS BETREFFENDE BRANDBLUSUITRUSTING.

#### 59. SPESIALE VOORWAARDES.

Ondanks andersluidende bepalings in regulasies 60 tot 70, is die bepalings in die voorgaande regulasies *mutatis mutandis* van toepassing op die toevoer van water vir brandblusuitrusting en word daar geag dat dit in elke ooreenkoms vir sodanige toevoer ingesluit is.

#### 60. BETALING VIR DIENSTE.

Die verbruiker moet die koste in die tarief voorgeskryf ten opsigte van brandblusuitrusting wat op sy perseel geïnstalleer of gebruik is, betaal.

## 61. CONNECTIONS FROM MAINS.

- (a) All communication pipes which are intended for preventive or automatic use in case of fire shall be laid by the local authority as far as the boundary of the consumer's property.
- (b) Such communication pipes shall be used only for fire extinguishing purposes.
- (c) No branch connection of any kind from such communication pipe shall be made, other than a branch connection in connection with an automatic sprinkler, drenchers, hydrant connection or a connection to the pressure tank upon the top of the building, and the discharge from the latter connection shall be controlled by a suitable ball valve.

## 62. VALVES IN COMMUNICATION PIPES.

Every communication pipe for fire extinguishing equipment shall be fitted with an approved sluice valve, which shall be -

- (i) supplied by the local authority at the expense of the consumer;
- (ii) of the same nominal diameter as the communication pipe;
- (iii) placed in such position as may be determined by the engineer.

## 63. ADDITIONS TO SYSTEM.

No further sprinkler heads shall be added or connected to any sprinkler installation after such installation has been connected to the mains without the written consent of the local authority under the hand of the engineer first had and obtained.

## 64. EXTENSION OF SYSTEM TO OTHER PREMISES.

No extension or connection from any fire extinguishing equipment to premises other than those for which it was approved shall be made, and in the event of any such connection or extensions being made the local authority shall be entitled to enter upon any premises and take all steps necessary to disconnect such connections at the cost of the persons responsible for such extension or connection.

## 65. INSPECTION AND APPROVAL OF FIRE EXTINGUISHING SERVICE.

No supply of water shall be made or given until the fire extinguishing equipment has been inspected and the engineer has certified in writing that such equipment is in accordance with these regulations and the work has been carried out to his satisfaction.

## 66. CONNECTION TO BE AT PLEASURE OF THE LOCAL AUTHORITY.

Connections to the mains shall be at the pleasure of the local authority, which shall be entitled to disconnect con-

## 61. AANSLUITING VAN HOOFLEIDINGS.

- (a) Alle verbindingspype wat bedoel is vir voorsorgs- of outomatiese gebruik in geval van brand moet deur die plaaslike bestuur tot by die grens van die verbruiker se eiendom gelê word.
- (b) Sodanige verbindingspype mag slegs vir brandblusdoeleindes gebruik word.
- (c) Geen takaansluiting van enige aard mag van sodanige verbindingspyp gemaak word nie, uitgesonderd 'n takaansluiting in verband met outomatiese sprinkel- en drenkblussers, brandkraanaansluitings of 'n aansluiting aan die druktenk bo-op die gebou, en die afvoer van laasgenoemde aansluiting moet deur 'n geskikte koeëlklep beheer word.

## 62. KLEPPE IN VERBINDINGSPYPE.

Elke verbindingspyp vir brandblusuitrusting moet voorsien wees van 'n goedgekeurde sluis-klep. So 'n klep moet -

- (i) deur die plaaslike bestuur op koste van die verbruiker verskaf word;
- (ii) dieselfde nominale diameter as die verbindingspyp hê;
- (iii) in sodanige posisie as wat die ingenieur bepaal, aangebring wees.

## 63. BYVOEGINGS BY STELSEL.

Geen verdere sprinkelblusserkoppe mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur, onder die hand van die ingenieur gegee, by 'n sprinkelblusser gevoeg of daarmee verbind word nadat sodanige installasie aan die hoofleidings aangesluit is nie.

## 64. UITBREIDING VAN STELSEL NA ANDER PERSELE.

Geen uitbreiding of aansluiting van brandblusuitrusting na 'n ander perseel as dié waarvoor dit goedgekeur is, mag gedoen word nie, en in geval sodanige aansluiting of uitbreidings gedoen word, het die plaaslike bestuur die reg om enige perseel te betree en die nodige stappe te doen om sodanige aansluitings op koste van die persone wat vir sodanige uitbreiding of aansluiting aanspreeklik is, te ontkoppel.

## 65. INSPEKSIE EN GOEDKEURING VAN BRANDBLUSDIENS.

Geen water mag verskaf word alvorens die brandblusuitrusting geïnspekteer is, en die ingenieur skriftelik verklaar het dat sodanige uitrusting in ooreenstemming met hierdie regulasie is en die werk volgens hom bevredigend gedoen is nie.

## 66. AANSLUITING MOET NA GOEDDUNKE VAN DIE PLAASLIKE BESTUUR GESKIED.

Aansluiting by die hoofleiding moet geskied na goeddunke van die plaaslike bestuur wat die reg het om te

nections to any fire extinguishing equipment at any time.

eniger tyd enige aansluiting na brandblusuitrusting te ontkoppel.

#### 67. DETAILS OF CONNECTION.

The water supply provided in respect of any fitted hose reel, or hydrant, or sprinkler installation in any building shall comply with the relevant provisions of the local authority's Fire Brigade Regulations.

#### 67. BESONDERHEDE VAN AANSLUITING.

Die watertoevoer wat voorsien is ten opsigte van 'n slangtol met slang- of brandkraan of sprinkelinstallasie in 'n gebou moet voldoen aan die toepaslike bepalings van die plaaslike bestuur se Brandweerregulasies.

#### 68. ANNUAL CHARGE FOR SPRINKLER AND DRENCHER INSTALLATIONS.

The charges prescribed in the tariff in respect of maintenance of connections and inspection of sprinkler and drencher installations shall be paid in advance. Such charges shall include the emptying and refilling of any tanks forming part of such installations: Provided that the water used in so doing shall be calculated upon the cubic contents of the tanks or any part thereof, and the charges shall be subject to the minimum charge prescribed in the tariff.

#### 68. JAARLIKSE TARIEF VIR SPRINKEL- EN DRENKINSTALLASIE.

Die koste in die tarief voorgeskryf ten opsigte van die instandhouding van aansluitings en inspeksie van sprinkel- en drenkinstallasies moet vooruit betaal word. Sodanige koste sluit in die leegmaak en weer volmaak van enige tenks wat deel uitmaak van sodanige installasies: Met dien verstande dat die water wat sodoende gebruik word, op die kubieke inhoud van die tenks of 'n deel daarvan bereken word, en die koste onderhewig is aan die minimum koste in die tarief voorgeskryf.

#### 69. ANNUAL CHARGE OFR PRIVATE HYDRANT INSTALLATIONS.

The charges prescribed in the tariff in respect of maintenance of connections and inspection of private hydrant installations other than sprinklers shall be paid annually in advance.

#### 69. JAARLIKSE TARIEF VIR PRIVATE BRANDKRAANINSTALLASIES.

Die koste in die tarief voorgeskryf ten opsigte van die instandhouding van aansluitings en die inspeksie van private brandkraaninstallasies uitgesonderd sprinkelblussers, moet jaarliks vooruit betaal word.

#### 70. SEALING OF PRIVATE FIRE HYDRANTS.

(a) All private hydrants shall be sealed by the local authority, and such seals shall, except in the case of fire, not be broken by any person other than the local authority's officials in the course of testing.

#### 70. VERSEËLING VAN PRIVATE BRANDKRANE.

(a) Alle private brandkrane moet deur die plaaslike bestuur verseël word, en sodanige seëls, mag, behalwe in die geval van brand, deur niemand verbreek word nie, uitgesonderd in die uitvoering van toetse deur die beamptes van die plaaslike bestuur.

(b) The cost of resealing such hydrants shall be borne by the consumer except when such seals are broken by the local authority's officials for testing purposes.

(b) Die koste om sodanige brandkrane weer te verseël, moet deur die verbruiker gedra word, behalwe wanneer sodanige seël vir toetsdoeleindes deur beamptes van die plaaslike bestuur verbreek is.

(c) Any water consumed after the breaking of the seal other than in the course of testing by the local authority shall be paid for by the consumer at the normal rates prescribed in the Fire Brigade Regulations. The quantity thus consumed shall be assessed by the engineer.

(c) Enige water wat na die verbreking van die seël verbruik word, uitgesonderd water wat gedurende toets deur die plaaslike bestuur, moet deur die verbruiker betaal word teen die normale tariewe in die Brandweerregulasies voorgeskryf. Die hoeveelheid aldus verbruik, moet deur die ingenieur bepaal word.

#### 71. DIAMETER SIZES.

(a) All diameter sizes of piping referred to in this regulation and in regulation 72 to 75 inclusive, relate to nominal internal diameters.

#### 71. DIAMETERGROOTTES.

(a) Alle diametergroottes van pype wat in hierdie regulasie en in regulasie 72 tot en met 75 genoem word, het betrekking op nominale binnediameters.

(b) No service pipe shall be less than 15 millimetres in diameter.

(b) Geen dienspype mag kleiner as 15 millimeter in diameter wees nie.

#### 72. MATERIAL OF SERVICE PIPES.

All service pipes shall be of lead, copper, galvanized steel, or asbestos cement: Provided that -

#### 72. MATERIAAL VAN DIENSPYPE.

Alle dienspype moet van lood, koper, gegalvaniseerde staal of asbessement gemaak wees: Met dien verstande dat -

(a) asbestos cement pipes shall not be used in any posi-

(a) asbessementpype nie in 'n posisie gebruik mag word

tion which is in the opinion of the engineer an exposed position;

- (b) piping of another material may be used with the written permission of the engineer first had and obtained.

x

#### 73. STEEL PIPES.

All steel water pipes shall comply with the requirements of BS 1387 "Steel tubes and tubulars suitable for screwing to BS 21 pipe threads", and the thicknesses of such pipes used in any particular service shall not be less than as specified in BS 1387 for the appropriate working pressure indicated by the engineer for the locality concerned. All such pipes shall be galvanized or, where the diameter of the pipes is large enough to permit of other types of protection, shall be otherwise protected against corrosion to the satisfaction of the engineer.

#### 74. LEAD PIPES.

All lead water pipes shall comply with the relevant requirements of BS 602 "Lead pipes for other than chemical purposes."

#### 75. COPPER PIPES.

All copper water pipes shall comply with the requirements of SABS 461 "Light gauge copper tubes for water, gas and sanitation" or, if they are to be buried underground, with the requirements of SABS 463 "Copper tubes to be buried underground."

#### 76. STEEL CISTERNS AND COVERS, TANKS AND CYLINDERS.

All steel cisterns and covers, tanks and cylinders used in any service shall comply with the requirements of BS 417 "Galvanized mild steel cisterns, tanks, cylinders and cistern covers."

#### 77. COPPER CYLINDERS.

All copper cylinders used in any service shall comply with the requirements of BS 699 "Copper cylinders for domestic purposes".

#### 78. REPEAL OF REGULATIONS.

The Water Supply Regulations promulgated under Government notice 1 of 2 January 1952 together with amendments promulgated under Government Notice 3 of 1 November 1952, Government Notice 183 of 15 June 1953, Government Notice 71 of 1 March 1957, Government Notice 143 of 1 July 1958, Government notice 72 of 15 April 1959, Government Notice 17 of 15 January 1960, Government Notice 167 of 1 July 1961, Government Notice 2 of 3 January 1972 and Government Notice 37 of 1 March 1972 are hereby repealed.

wat volgens die mening van die ingenieur 'n blootgestelde posisie is nie;

- (b) met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die ingenieur, pype van ander materiaal gebruik kan word.

#### 73. STAALPYPE.

Alle staalwaterpype moet voldoen aan die vereistes van BS 1387 "Steel tubes and tubulars suitable for screwing to BS 21 pipe threads", en die diktes van sodanige pype wat in 'n besondere diens gebruik word, moet minstens dié wees wat in BS 1387 gespesifiseer is vir die toepaslike werkdruk wat deur die ingenieur vir die betrokke omgewing aangedui word. Alle sodanige pype moet gegalvaniseer wees of moet, indien die diameter van die pype groot genoeg is om ander tipes beskerming toe te laat, andersins ten genoë van die ingenieur teen korrosie beskerm wees.

#### 74. LOODPYPE.

Alle loodwaterpype moet voldoen aan die toepaslike vereistes van BS 602 "Lead pipes for other than chemical purposes."

#### 75. KOPERPYPE.

Alle koperwaterpype moet voldoen aan die vereistes van SABS 461 "Dunwandige koperpype vir water, gas en sanitasie" of indien hulle ondergronds geïnstalleer moet word aan die vereistes van SABS 463 "Koperpype wat in die grond begrawe word."

#### 76. STAALBAKKE EN -DEKSELS, TENKS EN SILINDERS.

Alle staalbakke en -deksels, tenks en silinders wat in 'n diens gebruik word, moet voldoen aan die vereistes van BS 417 "Galvanised mild steel cisterns, tanks cylinders and cistern covers".

#### 77. KOPERSILINDERS.

Alle kopersilinders wat in 'n diens gebruik word, moet voldoen aan die vereistes van BS 699 "Copper cylinders for domestic purposes."

#### 78. HERROEPING VAN REGULASIES.

Die Waterleweringsregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 1 van 2 Januarie 1952 en wysigings afgekondig by Goewermentskennisgewing 3 van 1 November 1952, Goewermentskennisgewing 183 van 15 Junie 1953, Goewermentskennisgewing 71 van 1 Maart 1957, Goewermentskennisgewing 143 van 1 Julie 1958, Goewermentskennisgewing 72 van 15 April 1959, Goewermentskennisgewing 17 van 15 Januarie 1960, Goewermentskennisgewing 167 van 1 Julie 1961, Goewermentskennisgewings 2 van 3 Januarie 1972 en 37 van 1 Maart 1972 word hierby herroep.

## SCHEDULE A.

## BYLAE A.

## MODEL REGULATION ON SPECIAL AGREEMENTS WITH CONSUMERS.

## MODELREGULASIE BETREFFENDE SPESIALE OOREENKOMSTE MET VERBRUIKERS.

(SEE REGULATION 14)  
(FOR GUIDANCE ONLY)

(KYK REGULASIE 14)  
(SLEGS AS LEIDRAAD)

- (1) The local authority shall be entitled to enter into special agreements with any person or consumer in any case where, by reason of the purpose for which the supply is desired, the nature or situation of the premises, the quantity to be supplied, the availability of supply, or the method of supply, it is desirable to attach special conditions to the supply or to stipulate a special charge.
- (2) Notwithstanding anything to the contrary contained in any other section of these regulations, it shall be lawful for the local authority to make the following provisions in any such special agreement:
- (a) Where a supply in bulk is given to any consumer outside the municipality, the local authority may permit such consumer to resell the water to other consumers outside the municipality.
- (b) Where the local authority permits any consumer to resell water, it may impose conditions fixing the maximum and/or minimum price at which the water may be resold by such consumer and may require that plans of any proposed reticulation system be submitted to the local authority for approval as a condition precedent to authority to resell being given.
- (c) Where any consumer is given a supply by means of more than one connection to the defined main, the local authority may stipulate the manner in which and the times during which the supply from any one or more such connections may be used by the consumer.
- (d) The local authority may stipulate the maximum quantity to be supplied to any consumer and may fix the hours or periods during which any consumer shall be entitled to supply.
- (e) The local authority may stipulate the price at which the supply is to be given to any consumer: Provided, however, that such price shall not be fixed at less than the actual cost to the local authority of the water.
- (3) Save as is provided in subregulation (2) hereof, the terms of any such special agreement shall otherwise comply with the provisions of this chapter of these regulations.
- (1) Die plaaslike bestuur is geregtig om spesiale ooreenkomste aan te gaan met 'n persoon of verbruiker in 'n geval waar dit met die oog op die doel waarvoor die toevoer verlang word, die aard of ligging van die perseel, die hoeveelheid wat verskaf moet word, die beskikbaarheid van toevoer of die manier van voorsiening, wenslik is om spesiale voorwaardes vir die watervoorsiening te stel of om spesiale gelde vas te stel.
- (2) Ondanks andersluidende bepalings in 'n ander afdeling van hierdie regulasies is dit wettig vir die plaaslike bestuur om die volgende bepalings in enige sodanige spesiale ooreenkoms te stel:
- (a) Waar water by die groot maat aan 'n verbruiker buite die munisipale gebied voorsien word, kan die plaaslike bestuur sodanige verbruiker toelaat om die water aan ander verbruikers buite die munisipale gebied, te verkoop.
- (b) Indien die plaaslike bestuur 'n verbruiker toelaat om water te verkoop, kan die plaaslike bestuur voorwaardes stel ten opsigte van die maksimum en/of minimum prys waarteen die water weer deur sodanige verbruiker verkoop mag word en kan hy vereis dat planne vir 'n voorgestelde netwerkstelsel aan die plaaslike bestuur vir goedkeuring voorgelê moet word as voorwaarde voordat vergunning om weer te verkoop, verleen word.
- (c) Indien aan 'n verbruiker toevoer deur middel van meer as een aansluiting aan die hoofleiding, toegestaan word, kan die plaaslike bestuur die wyse waarop en die tye wanneer die toevoer van een of meer sodanige aansluiting deur die verbruiker gebruik mag word, voorskryf.
- (d) Die plaaslike bestuur kan die maksimum hoeveelheid wat aan 'n verbruiker voorsien moet word, vaslê en kan die ure of tydperke waarin 'n verbruiker op voorsiening geregtig is, voorskryf.
- (e) Die plaaslike bestuur kan die prys waarteen die water aan 'n verbruiker gelewer moet word, voorskryf: Met dien verstande egter dat sodanige prys nie vasgestel sal word teen minder as wat die water die plaaslike bestuur werklik gekos het nie.
- (3) Behoudens die bepalings van subregulasie (2) hiervan, moet die bepalings van enige sodanige spesiale ooreenkoms voldoen aan die bepalings van hierdie regulasies.

## SCHEDULE B.

## TARIFFS.

## 1. FEES PAYABLE FOR USE OF WATER:

## A. DOMESTIC USE:

- (i) A monthly minimum charge for each house, flat, living unit, business, government property and every vacant building plot, which can be connected to the Council's reticulation for a minimum of 10 cubic metres per month .R3,00
- (ii) All water used over and above 10 cubic metres per month, R0,16 per cubic metre or part thereof.
- (iii) Location: Bulk Supply:
  - (a) A minimum charge for 1520 cubic metres per month .....R273,00
  - (b) All water used over and above 1520 cubic metres per month, R0,16 per cubic metre or part thereof.

## B. BUSINESSES AND LARGE CONSUMERS:

A monthly minimum charge for each business, government property and vacant business plot which can be connected to the Council's reticulation system:

- (i) Water consumed up to 500 cubic metres per month per consumer — R3,00 (three rand) for the first 10 cubic metres and thereafter R0,16 per cubic metre or part thereof.
- (ii) For all water consumed by municipal departments, excluding the Department of Non-European Affairs, R0,16 per cubic metre or part thereof.

## 2. WATER CONNECTIONS:

- (i) For the provision of a water connection to the consumer's plot from the Council's main water supply pipeline -  
The actual cost of materials and labour plus 10% (ten percent).
- (ii) For disconnecting or connecting the water supply at the request of the consumer .....R0,30
- (iii) For reconnection after supply has been cut off for breach of these regulations .....R0,75

## 3. WATER METERS:

- (i) For replacing a seal which has been tampered or interfered with by the consumer .....R0,30

## BYLAE B.

## TARIEF.

## 1. GELDE BETAALBAAR VIR GEBRUIK VAN WATER:

## A. HUISHOUELIKE VERBRUIK:

- (i) 'n Maandelikse minimum heffing vir elke afsonderlike woonhuis, woonstel, wooneenheid en onbeboude wooneerf, wat by die Raad se verdelingstelsel aangesluit kan word vir 'n minimum van 10 kubieke meter water per maand .....R3,00
- (ii) Alle water verbruik bo 10 kubieke meter per maand R0,16 per kubieke meter of gedeelte daarvan.
- (iii) Lokasie: Grootmaat:
  - (a) 'n Minimum heffing ten opsigte van 1520 kubieke meter per maand .....R273,00
  - (b) Alle verbruik bo 1520 kubieke meter per maand .....R0,16 per kubieke meter of gedeelte daarvan.

## B. BESIGHEDE EN GROOTMAATVERBRUIKERS:

'n Maandelikse minimum heffing vir elke sakeperseel, regeringsinstansie en onbeboude besigheidserf wat by die raad se verdelingstelsel aangesluit kan word:

- (i) Water verbruik tot 500 kubieke meter per maand per verbruiker — R3,00 (drie rand) vir die eerste 10 kubieke meter en daarna R0,16 per kubieke meter of deel daarvan vir alle verbruik bo 10 kubieke meter.
- (ii) Vir alle water verbruik deur minisipale departemente, uitgesonderd die Departement van Nie-Blanke Sake, R0,16 per kubieke meter of deel daarvan.

## 2. WATERAANSLUITING:

- (i) Vir die verskaffing van 'n wateraansluiting vanaf die raad se hoofwaterpylyn op die verbruiker se perseel Die werklike koste van materiaal en arbeid plus 10% (tien persent).
- (ii) Vir aan- en afsluiting van die watertoevoer op versoek van die verbruiker .....R0,30
- (iii) Vir heraansluiting nadat die watertoevoer gestaak is weens inbreuk op hierdie regulasies .....R0,75

## 3. WATERMETERS:

- (i) Vir die vervanging van 'n seël op die verbruiker se eiendom en waaraan gepeuter was .....R0,30

- (ii) For testing of any meter at the request of the consumer if found that the meter registers correctly within 5% .....R1,00
- (iii) Rental per month for a water meter with a main pipe diameter of:
- (a) Up to 25,40 millimetres .....R0,20
- (b) Up to 38,10 millimetres .....R0,50
- (c) Up to 76,20 millimetres .....R1,00"

No. 280] ..... [2 January 1974

MUNICIPALITY OF WALVIS BAY:  
TOWN HALL REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following regulations:-

1. In these regulations, unless inconsistent with the context -

- (i) "caretaker" means the person holding office as town hall caretaker with the Council or any person lawfully acting on his behalf (iv);
- (ii) "Council" means the Council of the Municipality of Walvis Bay (v);
- (iii) "day" means the time from 06h00 until 18H00 and "by day" has a corresponding meaning (i);
- (iv) "Lessee means any person who has received written approval from the Council to use the town hall or any person lawfully acting on the lessee's behalf (ii);
- (v) "night" means the time from 18H00 until 06H00 and "by night" has a corresponding meaning (iii);
- (vi) "town clerk" means the person holding office as town clerk with the Council or any person lawfully acting on his behalf (vi).

2. (1) The town hall can be leased from the Council for any of the purposes for which a tariff is prescribed in Annexure B and in cases where no tariff is prescribed the Council may let the town hall at tariffs to be fixed at the time.

(2) Notwithstanding the fact that specific tariffs for the lease of the town hall are prescribed in Annexure B, the Council reserves the right to refuse any application for letting without giving reasons for such refusal.

(3) The Council shall, under no circumstances, let the town hall for any purposes which are in conflict with the provisions of the Lord's Day Observance Proclamation, 1921 (Proclamation 54 of 1921) or any other law.

- (ii) Vir die toets van enige meter op verbruiker se versoek indien gevind word dat die meter tot op 5% juis registreer .....R1,00

(iii) Huurgeld per maand vir 'n watermeter met hoofpypdeursnit:

- (a) Tot op 25,40 millimeter. ....R0,20
- (b) Tot op 38,10 millimeter .....R0,50
- (c) Tot op 76,20 millimeter .....R1,00

No. 280] .....[2 Januarie 1974

MUNISIPALITEIT WALVISBAAI:  
STADSAALREGULASIES

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende regulasies goedgekeur:

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken

- (i) "dag" die tyd vanaf 06H00 tot 18H00 en het "bedags" 'n ooreenstemmende betekenis (iii);
- (ii) "huurder" enigiemand wat skriftelike goedkeuring van die Raad ontvang het vir die gebruik van die stadsaal of iemand wat wettig namens die huurder optree (iv);
- (iii) "nag" die tyd van 18H00 tot 06H00 en het "snags" 'n ooreenstemmende betekenis (v);
- (iv) "opsigter" die persoon wat die betrekking van stadsaalopsigter by die Raad beklee of iemand wat wettig namens hom optree (i);
- (v) "Raad" die Raad van die Munisipaliteit van Walvisbaai (ii);
- (vi) "stadsklerk" die persoon wat die betrekking van stadsklerk by die Raad beklee of iemand wat wettig namens hom optree (vi).

2. (1) Die stadsaal kan van die Raad gehuur word vir enige van die doeleindes waarvoor daar in Bylaag B 'n tarief voorgeskryf is en in gevalle waar daar geen tarief voorgeskryf is nie, kan die Raad die stadsaal verhuur teen tariewe wat hy dan goedkeur.

(2) Die Raad behou hom die reg voor om, alhoewel daar spesifieke tariewe vir verhuring van die stadsaal in Bylaag B voorgeskryf is, enige aansoek om verhuring te weier sonder om enige redes vir sodanige weiering te verstrek.

(3) Die Raad verhuur onder geen omstandighede die stadsaal vir enige doeleindes wat strydig met die bepalings van die "Lord's Day Observance Proclamation, 1921" (Proklamasie 54 van 1921) of enige ander wet is nie.

(4) The Council may, as the case may be, impose any further conditions in addition to the provisions of these regulations whenever he approves an application for the lease of the town hall.

3. (1) Any person wishing to lease the town hall or any part thereof from the Council shall apply therefor in writing in the form prescribed in Annexure A hereto and the prescribed fees shall accompany such application. Verbal applications shall only be accepted by the Council on condition that it be confirmed within seven days after such verbal application by a written application in the prescribed manner, accompanied by the prescribed fees.

(2) Advance bookings of the town hall will be accepted by the Council in respect of a date up to six months in advance on condition that the applicable prescribed fees shall accompany such application.

(3) No booking of the town hall shall be considered approved until the Council's written confirmation thereto has been received.

(4) Where a booking of the town hall has been confirmed by the Council and such booking is cancelled by the lessee -

- (a) the Council shall retain 25% of the rental where the booking is cancelled with at least thirty days' notice;
- (b) the Council shall retain all the rental where the booking is cancelled with less than thirty days' notice and the town hall is not let for the same purpose on that day;
- (c) the Council shall repay the deposit in full unless the Council had to incur specific expenditure to purchase equipment for such letting in which case the Council shall utilise the deposit to cover the expenses and if the deposit is not sufficient to cover the Council's expenses the Council may recover the shortfall from the rental.

(5) The Council may terminate any approved letting of the town hall forthwith in writing if the lessee violates the regulations or if the Council is of opinion that a performance is not in the public interest.

(6) All applications to lease the town hall will be considered in the sequence of date in which they were received.

(7) The cloakrooms shall be let only to persons on whom paragraphs A.3 and B.3 of Annexure B are applicable.

(8) A lessee may not sublet the town hall or any part thereof.

4. (1) The deposit that is paid shall be utilised by the Council for replacement or repair of any damages or losses which the Council may suffer as a result of the letting of the town hall.

(4) Die Raad kan, na gelang van omstandighede, enige verdere voorwaardes bykomend tot die bepalings van hierdie regulasies, stel by die goedkeuring van 'n aansoek om die stadsaal te huur.

3. (1) Enigiemand wat die stadsaal of enige deel daarvan van die Raad wil huur, moet skriftelik daarom aansoek doen in die vorm voorgeskryf by Bylaag A hierby en die voorgeskrewe gelde moet die aansoek vergesel. Mondelinge aansoeke sal slegs deur die Raad aanvaar word op voorwaarde dat dit deur 'n skriftelike aansoek op die voorgeskrewe wyse, tesame met die voorgeskrewe gelde, binne sewe dae na sodanige mondelingse aansoek bevestig word.

(2) Vooruitbesprekings van die stadsaal word deur die Raad aanvaar ten opsigte van 'n datum tot ses maande vooruit op voorwaarde dat die voorgeskrewe gelde wat van toepassing is sodanige aansoek vergesel.

(3) Geen bespreking van die stadsaal moet as aanvaar beskou word nie totdat die Raad se skriftelike bevestiging daartoe ontvang is nie.

(4) Waar 'n bespreking van die stadsaal reeds deur die Raad bekragtig is en sodanige bespreking word deur die huurder gekanselleer -

- (a) behou die Raad 25% van die huurgeld waar die bespreking met minstens dertig dae kennisgewing gekanselleer word;
- (b) behou die Raad die volle huurgeld waar die bespreking met minder as dertig dae kennisgewing gekanselleer word en die stadsaal nie vir dieselfde doel op daardie datum verhuur word nie;
- (c) betaal die Raad die deposito ten volle terug tensy die Raad spesifieke uitgawes moes aangaan om toerusting aan te koop vir sodanige verhuur, in welke geval die Raad die deposito aanwend om die uitgawe te dek en indien die deposito nie voldoende is om die Raad se uitgawe te dek nie, die Raad die tekort uit die huurgeld kan verhaal.

(5) Die Raad kan enige goedgekeurde verhuur van die stadsaal onverwyld skriftelik beëindig indien die huurder die regulasies oortree of indien die Raad van mening is dat 'n aanbieding nie in die openbare belang is nie.

(6) Alle aansoeke om die huur van die stadsaal word oorweeg in die datumvolgorde waarin hulle ontvang word.

(7) Die kleedkamers word slegs verhuur aan persone op wie paragrawe A.3 en B.3 van Bylaag B van toepassing is.

(8) 'n Huurder mag nie die stadsaal of enige gedeelte daarvan onderverhuur nie.

4. (1) Die deposito wat betaal word, word deur die Raad aangewend ter vervanging of herstel van enige skade of verlies wat die Raad as gevolg van die verhuur van die stadsaal mag ly.



(2) If the deposit which was paid is not sufficient to cover the damages or losses the lessee shall remain responsible to the Council for any extra amount needed.

5. (1) The Council accepts no responsibility for any damages or loss to any property, article or thing which the lessee or any other person may bring to leave on the town hall grounds or in the town hall.

(2) If the Council suffers any damage on account of any claims or actions instituted by any person on the ground of any damage or loss resulting from the lease of the town hall, the Council may recover such damage or loss from the lessee.

6. (1) A grand piano is made available for approved purposes when the main hall of the town hall is let and no other piano may be used unless the Council's written approval thereto has been obtained.

(2) Only the cooking apparatus provided by the Council may be used by the lessee and such cooking apparatus shall only be used under supervision of the caretaker unless otherwise approved.

(3) The moving of any furniture from the town hall or from one hall or place to another hall or place may be undertaken only with the approval of and under supervision of the caretaker.

7. (1) No extra or special lighting may be installed without the approval of the Council and where such approval is granted it shall be done on condition that such extra or special lighting shall be installed under supervision of the town electrical engineer of the Council.

(2) All lighting and other electrical appliances shall be handled by the caretaker unless the Council has approved the handling thereof by some other person.

(3) The Council accepts no responsibility for any damage or loss a lessee may experience as a result of a power failure or as a result of defective machinery, appliances or installations for lighting of the town hall however caused.

8. (1) The lessee shall at the start of his lease satisfy himself that all furniture and equipment included in his lease are complete, intact and in working order.

(2) All furniture or equipment found defective by the lessee at the start of the lease shall be reported to the caretaker who shall make an inspection thereof, make a list hereof and have the lessee sign such list.

(3) Where a lessee neglects to report such defective furniture or equipment to the caretaker at the start of his lease it will be assumed that such furniture or equipment was intact and in working order and the lessee shall be held responsible for the repair or replacement costs of such defective furniture or equipment found at the termination of his lease.

(2) Indien 'n deposito wat betaal is nie voldoende is om die skade of verlies te dek nie, bly die huurder aanspreeklik teenoor die Raad vir enige bykomende bedrag wat benodig word.

5. (1) Die Raad aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige skade of verlies aan enige eiendom, artikel of ding wat die huurder of enige ander persone op die stadsaalterrein of in die stadsaal bring of laat nie.

(2) Indien die Raad enige skade ly weens enige eise of gedinge wat deur enigiemand ingestel word op gronde van enige verliese of skade wat voortspruit uit die huur van die stadsaal, kan die Raad sodanige skade op die huurder verhaal.

6. (1) Met die huur van die hoofsaal van die stadsaal word 'n vleuelklavier vir goedgekeurde doeleindes beskikbaar gestel en geen ander klavier mag gebruik word nie, tensy die Raad se skriftelike goedkeuring daartoe verkry is nie.

(2) Alleenlik die kookapparaat wat deur die Raad verskaf word mag deur die huurder gebruik word en sodanige kookapparaat word slegs gebruik onder die toesig van die opsigter, behalwe soos anders goedgekeur.

(3) Die verskuiwing van enige meubels uit die stadsaal of van een saal of plek na 'n ander saal of plek mag slegs met goedkeuring van en onder toesig van die opsigter geskied.

7. (1) Geen bykomende of spesiale beligting mag sonder die goedkeuring van die Raad aangebring word nie en waar sodanige goedkeuring wel verleen word, word dit gedoen op voorwaarde dat sodanige bykomende of spesiale beligting aangebring word onder toesig van die elektrotegniese stad-singenieur van die Raad.

(2) Alle beligtings- en ander elektriese toestelle word deur die opsigter hanteer tensy die Raad goedgekeur het dat iemand anders dit mag hanteer.

(3) Die Raad aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige skade of verlies wat 'n huurder mag ly as gevolg van 'n kragonderbreking of as gevolg van gebreke in die masjinerie, toestelle of inrigtings vir beligting van die stadsaal, hoe ook al veroorsaak nie.

8. (1) Die huurder moet homself, by die aanvang van sy huur, tevrede stel dat alle meublement of toerusting wat by sy huur ingesluit is, volledig is en in 'n heel en werkende toestand is.

(2) Alle meublement of toerusting wat by die aanvang van die huur deur die huurder gebrekkig gevind word, moet aan die opsigter gerapporteer word wat 'n inspeksie daarvan uitvoer, 'n lys daarvan aanteken en deur die huurder laat onderteken.

(3) Waar 'n huurder versuim om sodanige gebrekkige meublement of toerusting aan die opsigter te rapporteer by die aanvang van sy huur, word aanvaar dat sodanige meublement of toerusting in 'n heel en werkende toestand was en word die huurder aanspreeklik gehou vir die herstel- of vervangingskoste van enige gebrekkige meublement of toerusting wat by verstryking van sy huur gevind word.

(4) At the termination of the lease a joint inspection of the town hall, furniture and equipment shall be made by the lessee and the caretaker to ascertain whether any damage has occurred or whether there are any shortages and the lessee shall be held responsible for the repair of such damage and the making good of such shortages.

9. It shall be the duty of the lessee to ensure that -

- (a) the town hall is used for the purposes for which it has been leased;
- (b) no intoxicating liquor except as approved by the Council is brought into or used in the town hall;
- (c) admittance to the town hall is limited to the maximum admissible number of persons to whom seating can be given without providing extra seats and without allowing persons to sit or stand in the aisles;
- (d) all arrangements are made in connection with the admission of the public, the provision of usherettes and the maintenance of law and order;
- (e) proper supervision takes place at any performance.

10. (1) No placards or related advertisements shall be allowed on the town hall grounds or in the town hall without the approval of the town clerk.

(2) No mural decorations of any kind shall be allowed and no interior or exterior decorations, flags, emblems or related things shall be allowed without the approval of the town clerk.

11. Any authorised employee of the Council may enter the town hall during a performance in order to determine whether the town hall is being used for the purpose for which it was leased.

12. Should it be found during an inspection that the lessee violates any provision of these regulations or uses the town hall for purposes other than those approved, the Council shall have the right to cancel the lease forthwith and on such cancellation the lessee shall forfeit all moneys paid by him.

13. Any person who contravenes any provision of these regulations or who obstructs the caretaker in the execution of his duties, shall be guilty of an offence.

14. The Council may delegate any of its powers in terms of these regulations to the town clerk.

15. Government Notice 29 of 1967 as amended is hereby repealed.

#### ANNEXURE A.

#### APPLICATION FOR THE LEASE OF THE TOWN HALL.

(4) By verstryking van die huur voer die huurder en die opsigter gesamentlik 'n inspeksie van die stadsaal, meublement en toerusting uit om vas te stel of enige skade berokken is en of daar enige tekorte is, en word die huurder aanspreeklik gehou vir die herstel van sodanige skade en vir die aanvulling van sodanige tekorte.

9. Dit is die huurder se plig om toe te sien dat -

- (a) die stadsaal gebruik word vir die doeleindes waarvoor dit gehuur is;
- (b) geen bedwelmende drank, behalwe soos deur die Raad goedgekeur, die stadsaal binnegebring of daar gebruik word nie;
- (c) toegang tot die stadsaal beperk word tot die maksimum toelaatbare aantal persone aan wie sitplekke aangebied kan word sonder dat bykomende sitplekke beskikbaar gestel word en sonder dat persone toegelaat word om in paadjies te sit of dat staanplek aangebied word;
- (d) alle reëlings getref word in verband met die toelating van die publiek, die voorsiening van plekaanwysers en die handhawing van wet en orde; en
- (e) behoorlike toesighouding by enige verrigting plaasvind.

10. (1) Geen aanplakbiljette of verwante advertensies word op die stadsaalterrein of in die stadsaal toegelaat sonder goedkeuring van die stadsklerk nie.

(2) Geen muurversierings van enige aard word toegelaat nie en geen binne- of buiteversiersels, vlae, embleme of verwante dinge word sonder die toestemming van die stadsklerk toegelaat nie.

11. Enige gemagtigde beampte van die Raad kan die stadsaal tydens 'n verrigting betree vir die doel om 'n inspeksie uit te voer om vas te stel of die stadsaal gebruik word vir die doeleindes waarvoor dit gehuur is.

12. Indien dit tydens 'n inspeksie blyk dat die huurder enige bepaling van hierdie regulasies oortree of die stadsaal gebruik vir 'n ander doel as waarvoor goedkeuring verleen is, het die Raad die bevoegdheid om die huur van die stadsaal summier te kanselleer en by sodanige kansellering verbeur die huurder alle gelde wat hy betaal het.

13. Enigiemand wat enige bepaling in hierdie regulasies oortree of die opsigter in die uitvoering van sy pligte dwarsboom, is skuldig aan 'n misdryf.

14. Die Raad kan enige van sy bevoegdhede ingevolge hierdie regulasies aan die stadsklerk delegeer.

15. Goewermenskennisgewing 29 van 1967, soos gewysig, word hierby herroep.

#### BYLAE A

#### AANSOEK OM DIE HUUR VAN DIE STADSAAL

NAME OF APPLICANT .....  
 ADDRESS ..... TEL NO. ....  
 NAME AND ADDRESS OF RESPONSIBLE PERSON  
 DURING PERIOD OF LEASE .....  
 .....  
 REQUIRE  
 MAIN HALL/SIDE/HALL/KITCHEN/BAR/CLOAK  
 ROOMS/CELLAR.  
 (Delete items not required).  
 NATURE OF FUNCTION .....  
 DATE ON WHICH REQUIRED .....  
 DURATION OF FUNCTION FROM .... UNTIL ....

I/We undertake to inspect the furniture and equipment leased in the presence of the caretaker to establish whether any damages or defects exist and I/we declare herewith that I/we assume full responsibility for any damage which may occur while the furniture and equipment are leased by me/us.

I/We undertake to comply with the provisions of the Town Hall Regulations and to abide with any instructions given by the caretaker in the execution of his duties.

I/We undertake to pay any shortfall on the deposit paid for the use of the town hall or equipment to the Council if such extra amount is needed to replace or repair any furniture or equipment which have been damaged during my/our lease thereof.

I/We undertake to compensate the Council for any damage which the Council may suffer on account of any claims or actions instituted by any person on the grounds of any damages or losses resulting from the lease of the town hall by me/us.

I/We undertake to vacate the town hall at ..... on the date my/our lease expires.

I/We admit that I/we are conversant with the contents of this application and the Town Hall Regulations and that I/we understand it.

.....  
 APPLICANT. RESPONSIBLE PERSON.

.....  
 DATE

(For office use only)

Rental: R. .... Deposit: R. ....

Receipt No. .... Date: .....

Application approved/not approved.

TOWN CLERK.

NAAM VAN APPLIKANT .....  
 ADRES ..... TEL NO. ....  
 NAAM EN ADRES VAN VERANTWOORDELIKE  
 PERSOON TYDENS TYDPERK VAN HUUR .....  
 .....  
 BENODIG  
 HOOFSAAL/SYSAAL/KOMBUIS/KROEG/  
 KLEEDKAMERS/KELDER  
 (Skrap wat nie benodig word nie).  
 DOEL WAARVOOR BENODIG .....  
 DATUM WAAROP BENODIG .....  
 DUUR VAN VERRIGTING VANAF .... TOT .....

Ek/Ons onderneem om die meublement of toerusting wat gehuur word in teenwoordigheid van die opsigter na te gaan vir vasstelling van enige gebreke of defekte daaraan en ek/ons verklaar hiermee dat ek/ons volle aanspreeklikheid aanvaar vir enige skade wat ontstaan terwyl die meublement of toerusting deur my/ons gehuur word.

Ek/Ons onderneem om die bepalings van die Stadsaalregulasies na te kom en my/ons te onderwerp aan enige bevel wat die opsigter in die uitvoering van sy pligte uitreik.

Ek/Ons onderneem om enige tekort op die deposito wat betaal is vir die gebruik van die stadsaal of toerusting, by die Raad in te betaal indien sodanige bykomende bedrag benodig word ter vervanging of herstel van meublement of toerusting wat beskadig is tydens my/ons huur daarvan.

Ek/Ons onderneem om, indien die Raad skade sou ly, weens enige eise of gedinge wat deur enigiemand ingestel word op grond van enige verliese of skade wat voortspruit uit die huur van die stadsaal deur my/ons, die Raad te vergoed vir sodanige skade.

Ek/Ons onderneem om die stadsaal te ontruim om ..... op die datum waarop my/ons huur verstryk.

Ek/Ons erken dat ek/ons op hoogte is van die inhoud van hierdie aansoek en die Stadsaalregulasies en dat ek/ons dit verstaan.

.....  
 APPLIKANT VERANTWOORDELIKE  
 PERSOON

.....  
 DATUM: .....

(Slegs vir kantoorgebruik)

Huur: R. .... Deposito: R. ....

Kwitansie No.: .... Datum: .....

Aansoek goedgekeur/geweier.

STADSKLERK.

## ANNEXURE B.

## BYLAAG B.

## TARIFFS FOR THE USE OF THE TOWN HALL.

## TARIEWE VIR GEBRUIK VAN STADSAAL.

## A. Main Hall:

## A. Hoofsaal:

1. *Dances, wedding receptions and similar functions:*1. *Danse, huweliksonthale en soortgelyke verrigtinge:*

(a) 18H00 until 24H00	R40,00
(b) For every hour or part of an hour after 24H00	R5,00
Deposit payable	R30,00

(a) 18H00 tot 24H00	R40,00
(b) Vir elke uur of gedeelte van 'n uur na 24H00	R5,00
Deposito betaalbaar	R30,00

2. *Public meetings:*2. *Publieke vergaderings:*

(a) By day	R10,00
(b) By night	R10,00
Deposit payable	R10,00

(a) Bedags	R10,00
(b) Snags	R10,00
